Chemists PLUS apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
ASPU
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIII NOMMER 11 4 AUGUSTUS 1978

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# Verkiesing lê om die draai

**Die jaarlikse SSR-verkiesing word op Maandag 14 Augustus in die Totiussaal gehou vanaf 7.00 vm tot 8.00 nm.**

Mnr Japie Cronje, hoofverkiesingsbeampte het gesê dat enige persoon wat lid is van enige onderliggaam of persoon wat op die bestuur van enige onderliggaam of raad gedien het, is stemgeregtig. Die stemreglyste sal 'n week voor die verkiesing ter insae opgeplak word.

Hy het 'n beroep gedoen op studente om verkieslik hulle pienk studentekaarte vir identifikasie saam te bring. Enige ander vorm van identifikasie word ook toegelaat.


Hy doen ook 'n beroep dat studente vroeg moet kom stem. Die stemme sal deur 'n komper getel word. Hoe vroeër gestem word, hoe vroeër sal die uitslag bekend wees.

Hy sê voorbeelde van stembriefies sal vooraf op die kennisgewingbord wees. Noukeurige bestudering hiervan sal bedorwe briefies voorkom.


In die stemlokaal self sal sewe tafels wees, vir elke raad 'n tafel. Op elke tafel sal twee stembusse wees. Een vir die SR-kandidaat en een vir die uitvoerende raad se kandidate. Daar sal reg deur die dag mense wees wat raadgewend sal optree.

Mnr. Cronje het bekend gemaak dat daar hierdie jaar drie bekendstellingsaande sal wees waartydens kandidate hulle beleidsverklarings mondelings sal voorhou. Slegs inligtingsvrae sal dan gevra kan word. Dit vind plaas op die Maandag, Dinsdag en Woensdag aande voor die verkiesing.

Die Groot Sweet vind plaas op Donderdagaand 10 Augustus vanaf 7.00 nm in die Totiussaal. Studente word aangeraai om die kandidate vooraf te leer ken deur middel van hulle beleidsverklarings en die Groot Sweet.



*Japie Cronje*
*Hoofverkiesingsbeampte*



*Die Koreane wat nou besig is met nagraadse studie aan die PU. V.l.n.r. Ds. Keun-Doo Jung, prof. Yong-Sub Kim en ds. Seung. Mi Lee.*

## CHO vir Koreane

**Bydraes van Gereformeerde gemeentes het dit moontlik gemaak vir prof. Yong-Sub Kim, ds. Seung-Mi Lee en ds. Keun-Doo Jung om vir verdere studie aan die PU vir CHO in te skryf.**

Prof. Yong-Sub Kim het vir die graad D.Ed. ingeskryf. Die ander twee het hulleself ingeskryf vir teologiese studies. Ds. Lee het ingeskryf vir die rigting in die Nuwe Testament terwyl ds. Jung ingeskryf het vir verdere studies in die dogmatiek.

Hulle kom van Bussan in Suid-Korea. Tans is hulle besig om Engels te bemeester – hulle onderrig sal in Engels plaasvind.

Prof. H.J.J. Bingle, die vorige rektor, en prof. Kum Sam Lee het gedurende die Internasionale Konferensie vir Christenwetenskaplikes (1975) die moontlikhede bespreek rakende opleiding in Christelike wetenskap aan Koreane. Dit geskied met die oog op 'n volwaardige Christelike universiteit met die Fakulteite in Regte, Ekonomiese Wetenskappe en Natuurwetenskappe.

Prof. Lee is geïnteresseerd in die feit dat die PU vir CHO uit 'n Teologiese Skool ontwikkel het.

## *Nuwe Poste op SSR*

**Twee nuwe poste op die SSR is op 1 Augustus geskep. Tydens 'n spesiale vergadering van die SSR is die grondwet van die raad gewysig.**

Die wysiging lees:

"Dat die SSR-grondwet gewysig word vir die omskepping van die pos van ondervoorsitter in twee poste, te wete: Adjunk-voorsitter en Vise-voorsitter, welke Adjunk-voorsitter gerig sal wees op die kontrole oor die SSR-lede in hulle portefeuljes en in die algemeen, en die Vise-voorsitter as voorsitter van die Sentrale Koördineringskomitee spesifiek gerig sal wees op kontrole van die werksaamhede van die Rade."

Volgens 'n verklaring wat deur die SSR uitgereik is was dié verandering nodig sodat die werksprosedure van die SSR meer vaartbelyn word.

Die daarstelling van die Sentrale Koördineringskomitee het die verandering genoodsaak. Die Sentrale Koördineringskomitee bestaan uit die voorsitters van die onderskeie rade met die Vise-voorsitter as voorsitter van dié komitee.

Die Adjunk-voorsitter se pos is daargestel om die voorsitter van die SSR by te staan in sy veelvuldige pligte. Hy sal ook sitting op die onderskeie Verteenwoordigende Komitees van die Universiteit hê.

Die twee nuwe voorsitters vervul dus 'n toesighoudende rol in die Studenteraad. Die Adjunk-voorsitter het toesig oor die portefeuljes en die Vise-voorsitter hou oor die rade toesig.


**VERKIESING**

Met die komende verkiesing word net die Adjunk-voorsitter deur die stemgeregtigde studente verkies. Die Vise-voorsitter sal deur die nuutverkose SSR aangewys word.

# ASB – THEUNS STERK VIR IDENTITEIT

*deur Thomas Kruger*

**"Die ASB (Afrikaanse Studentebond) moet so kragtig wees dat die studente wat daaraan behoort, nie verleë moet wees nie", sê mnr. Theuns Eloff, die nuwe president van die ASB, oor sy termyn as ASB-president.**



*Mnr. Theuns Eloff, nuwe president van die ASB.*

Hy reken daar wag 'n groot taak op hom. Die afgelope dertig jaar het groot hoogtes gebring waarop hy wil voortbou. Meningsverskille binne die ASB gaan oë op hom rig, nog te meer omdat hy die PU verteenwoordig.

Theuns gaan probeer om die Afrikaner-identiteit voorop te stel. Alles hang vir hom af van die vraag wat identiteit is. Is Blanke-identiteit in 'n blanke winkel te koop?

Hy het in die onderhoud gesê hy gaan so openlik as moontlik wees om hierdie vraag beantwoord te kry. Hy sal nie net na een party se siening kyk nie, maar luister na elke standpunt.

Op 'n vraag wat hy as president beoog, het hy gesê daar is heelwat sake waarna hy wil kyk. Hy gaan poog om 'n forum vir politieke opleiding by onderwyskolleges ingestel te kry.

Theuns het gesê dat hy die hele nuwe kwessie van negatiewe disaffiliasie so positief as moontlik sal wil laat verloop. Negatiewe disaffiliasie behels dat 'n student lid is van die ASB totdat hy sy handtekening daarteen gee. Hy wil meer mense positief betrek as wat hy hulle negatief wil afsny.

Hy sal ook graag op heelparty vlakke junior organisasies tot stand wil bring. So kan daar vir die Afrikaanse Sakekamer 'n junior geskep word teenoor die internasionale AIESEC.

Nog 'n saak wat hy graag aan sal wil aandag gee, is tydige persverklarings oor kontensieuse sake vanaf ASB se kant hetsy deur die dagbestuur of die president self.

Theuns het gesê dat hy 'n betrokkenheid onder die Afrikanerstudent by die ASB sal wil sien. Hulle moet die ASB liefhê of haat, maar nie ignoreer nie.

# Affikampus

INTER UNIVERSITÊRE REDAKSIE

## Bewustelose Kovsies

**Na aanleiding van die nuwe grondwetlike bedeling wat in die parlement afgekondig is, het die Irawa-redaksie op hul kampus 'n paar Kovsiemenings beluister.**

**Die deursnee antwoorde op die vraag wat hulle van hierdie bedeling dink, het gewissel van:**

"Ek weet nie veel nie" tot "hulle moet maar maak soos hulle goed dink, solank hulle my net uitlos".

Luidens die berig – wat geskryf is deur die rasegte Irawa Diepte-Artikels Redakteur, mnr. Gideon de Wet – was die meningsresultate bedenklik. En dit nadat die ASB-pamflet waarin die hele bedeling uiteengesit is, reeds 'n week vantevore op die Vrystaatse-kampus versprei is ter inligting van die studente.

'n Volledige uiteensetting is weereens deur mnr. de Wet in Irawa gegee en sy siening is dat die implementering van die bedeling dalk as 'n groot skok kan kom vir die "Rip van Winkels".



*Die nuwe dagbestuur van die ASB v.l.n.r. Abri de Swardt (addisionele lid) Theuns Eloff (President) Chris Fismer (Vise President)*



*Arrie Baird, 'n buitemuurse student van UP het die tradisionele knuppel ontvang.*

# ASB TRIOMFEER

**Die dertigste ASB-jaarkongres kan beskou word as 'n triomf vir die ASB. Dit is deur ongeveer 400 studente bygewoon.**

Die tema van die kongres – ramp of triomf – is toegelig deur sprekers soos die Minister van Buitelandse Sake, mnr. R. F. Botha, mnr. Cas de Villiers, direkteur van Assosiasie Internasionaal en prof. Marinus Wiechers, van Unisa.

Die kongres is gekenmerk deur referate van hoogstaande gehalte. Die onderwerpe wat gedek is, was rassisme, veiligheidswetgewing en die nuwe grondwetlike bedeling. Die breë voeling van die kongres oor die onderwerpe was:

– dat rassisme veroordeel word;

– dat veiligheidsmaatreëls noodsaaklik is, maar onder die toesighoudig van 'n arbitrêre hof;

– dat die grondwetlike voorstelle nie prakties implementeerbaar is nie en as beginpunt vir onderhandelinge beskou moet word.

Mosies wat warm besprekings uitgelok het, het gehandel oor gemengde huwelike, oop universiteite, die Breytenbach-teater. Die kongresgangers moes telkens tot nugtere denke gemaan word. 'n Beroep is gedoen dat die emosie nie die oorhand moet kry nie. Die onkunde van die kolleges was opmerklik. Die nuwe ASB-president, mnr. Theuns Eloff, stel opleiding vir die kolleges in die vooruitsig (sien p. 1).

Hoewel daar hard gewerk is tydens die sittings, is daar genoeg tyd ingeruim vir ontspanning. 'n Hoenderbraai, 'n kaas-en-wyn en 'n formele dinee (geborg deur Nedbank) was van die ontspanningsdisse. Die tradisionele sportkompetisie tussen Noord en Suid is ook gehou. Die rugbywedstryd is vir die eerste keer in 'n lang tyd deur die Suide gewen, maar slegs met een punt.

Die reëlings van die kongres was besonder goed. Die kongresganers het in koshuise van die UOVS tuisgegaan.

Volledige opsommings van die referate sal in die volgende Wapaaie verskyn.

## Cassinga: Is Suid-Afrika die aggressor?

*deur Louw van Biljon*

**4 Mei 1978: Suid-Afrikaanse magte loods 'n blitsaanval op verskeie terroristebasisse in Angola. Die hoofdoelwit was Cassinga, sowat 150 myl vanaf die SWA-grens.**

"Dome" – studentekoerant van die Universiteit van Natal (Durban), berig in 'n onlangse uitgawe soos volg hieroor:

"Behind the Carnage at Cassinga". Swapo insists that Cassinga was a refugee settlement, holding 4 000 – 5 000 Namibians, mostly women, children and old people . . . and there were no military installations, and no more soldiers than a small unit designated to protect the settlement."

Die berig se inhoud neem hierdie stelling as die waarheid. "Dome" het sy inligting klaarblyklik van SWA-PO-woordvoerders, Angolese owerhede en 'n Sweedse TV-joernalis, Per Sanden, verkry.

Verder lui die berig dat die lyke van Namibiërs in massagrafte, 460 in die een en 160 in die ander onderskeidelik, gevind is.

Voorts: "Young, unarmed Namibians were brutally dragged out of buildings and shot in cold blood." Op hierdie trant gaan die berig aan.

Die hele inhoud van die skrywe is daarop gemik om Suid-Afrika, en nie SWA-PO nie, as die agressor uit te beeld. Volgens "Dome" was die aanval op Cassinga 'n slim set van Suid-Afrika om SWAPO by die wêreld in onguns te bring.

'n Week vóór die aanval het Suid-Afrika die voorstelle van die Westerse kontakgroep oor SWA, aanvaar.

Ten tye hiervan was alle oë op Suid-Afrika gerig – as struikelblok tot 'n vreedsame oplossing in SWA.

Nou, (veral ná die Veiligheidsraad van die VVO se aanvaarding van die voorstelle), is alle oë weer op SWAPO gerig. (Wat volgens "Dome" nie die sondebok is nie.)

"SWAPO . . . has made it clear that it will not allow the attack on Cassinga to jeopardize the coming of independence to Namibia, if they believe that can genuinely be achieved under the Western proposals. Will Vorster's gambleing pay off?"

Die hele berig drup van anti-Suid-Afrikanisme. Om die waarheid te sê: die hele koerant het dié houding, soos te blyke uit 'n paar opskrifte:

- "More Bannings"
- "Sharpeville 1960 – Soweto 1976 – Cassinga 1978 – What next?"
- "We have the enemy and he is us."

'n Koerant kan en moet soms kritiek lewer en standpunt inneem teen regeringsbeleid en regeringsoptredes, maar dit moet altyd verantwoordbaar en patrioties gedoen word. Die houding wat "Dome" inneem spreek van absolute anti-Suid-Afrikanisme.

Om te sê "Dome" is Kommunistiese propaganda is half 'n geykte uitlating, maar die hele gees van die koerant is alles behalwe bevorderlik vir Suid-Afrika. Nog minder is dit gesonde kritiek en nog minder joernalistiese etiek.



*Dooie gees van Kovsies word begrawe*
*Foto: Irawa*

## OP '77 SE "WIT GRAFSTEEN" – TEMA, ALLE KOVSIES

**Die Kovsiemassa was betrek by 'n massabegrafnis.**

Ons begrafnisverteenwoordiger in Bloemfontein het die Wapad verseker dat die nodige roubetuigings opreg en lewensgetrou was; huilende massas; 'n lykswa; 'n lywige stoet en die nodige swart satyn- en lamferlappe was alles deel van die Reitz se graf wat hulle vir Madelief se dooie gees gegrawe het.

Dominee van der Vaal het die jammerlike diens gelei/ly? Nuuskierige toeskouers het by omringende koshuise uitgerank en Wilhelm van der Graaf – 'n familielid – het die aanwesiges bedank vir hul medelye.

Op die "onthaaltjie" na die tyd is die bobotie en geelrys egter vervang met koffie en . . .? Die bedroefde ouers kon darem – na wat ons verneem – hulself later so ver kry om die baan te open en die sokkie as geopen te verklaar . . . sela.

(Wonder ek toe so "by myself" hier oppie Puk – as die lamferlappe nou daar doer so byvoorbaat uitgehang word – waar is die Kovsie-gees rêrig?)

## Rade sit saam

**Die huidige opset van binne- en buitemuurse afsonderlike studenterade het sterk onder die soeklig gekom tydens die onlangse seminaar van die Tukkies se SSR.**

Die bestaansreg van twee studenterade word bevraagteken deur verteenwoordigers van die binnemuurse SR.

Daar is voorgestel dat buitemuurs slegs as 'n kiesafdeling beskou moet word.

'n Kompromis is bereik waarin albei rade saam op een SR-sitting sal hê vir 'n proeftydperk van ses maande.


PRO REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 Potchefstroom
TEL. 8875



BAILLIEPARK

padkafee en

"Steakhouse"

SPESIALE PRYSE

Kwaliteit kos.



HUIS EN TUIN

Die winkel vir die student

SPESIALE DIENSTE

Haardroeërs teen R7,95
Droogskoonmaak

BAIE SPESIALE PRYSE!!



*Vier van die vyf R500 pryswenners van Kuesta.*
*Van links na regs: Robert Brooks (Wits), Hanlie van Niekerk (Stellenbosch), Ronnie Belcher (Stellenbosch) en Ina Scheurkogel (Bloemfontein). Foto: Fotokuns*

# Kuesta 78 behaal welslae

**Kuesta 78 wat op die kampus van die PU vir CHO aangebied is, was volgens alle deelnemers en die organiseerders baie geslaagd. Ongeveer sestig studente van kampusse oor die land het aan dié kunsfees deelgeneem wat beskou kan word as die begin van groot dinge.**

In die afdeling toneelkunde is die eenbedryf gewen deur 'n groep van Stellenbosch gevolg deur die teater - werkgroep van die PU. Die individuele prys is gedeel deur Rennie Belcher van Stellenbosch en Ina Scheurkogel van UOVS. Die afdeling beeldende kunste is gewen deur Maude Opperman van die PU en Gerrit van Schauenburg van UOVS. Hanlie van Niekerk het die instrumentale musiek gewen. Sy was een van die Maties wat ingeskryf het. Tweede was Millie d'Assonville van die PU. In die afdeling ernstige-vokaal was Robert Brooks van Wits eerste en Deon van der Walt van Stellenbosch tweede. Marietjie Jooste van UOVS en Suzette Eloff en Christie van der Westhuizen van die PU was die pryswenners in die afdeling ligte vokale musiek.

Om met ander studente te kommunikeer wat dieselfde belangstelling as jy het, was volgens almal een van die hoogtepunte van Kuesta 78. Dit het bewys dat so iets 'n dringende noodsaaklikheid is.

# Akademiese Raad meer Toeganklik vir Pukke

**Die nuwe struktuurverandering van die Akademiese Raad behels dat elke Puk wat stemreg in die komende SSR-verkiesing het, ook vir die bestuur van die Akademiese Raad mag stem.**

Voorheen was die Akademiese Raad slegs verteenwoordigend van studente wat aan vakverenigings behoort het. Enige stemgeregtigde Puk kan nou enige ander stemgeregtigde Puk nomineer vir een van die ses poste van die Uitvoerende Komitee van die Akademiese Raad.

Dié portefeuljes is dié van voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, penningmeester, lid vir opleiding en lid vir evaluering. Verder bestaan die Akademiese Raad uit ses Fakulteitsverteenwoordigers.

Stemgeregtigdes kan dus in die komende SSR-verkiesing vir ses lede van die Akademiese Raad stem, en ook vir een fakulteits-verteenwoordiger (elke kieser se vakrigting bepaal die fakulteit van sy verteenwoordiger). Aan die begin van volgende jaar sal elke fakulteitsverteenwoordiger verdere verteenwoordigers na behoefte aanstel.

## *Puk kla Theuns aan*

**Die SSR Voorsitter, mnr Theuns Eloff is by die afdelings bestuur van die Nasionale Party deur 'n medestudent, mnr. Danie Bisschoff, aangekla.**

Mnr Bisschoff het die klag teen mnr Theuns Eloff gelê omdat mnr Eloff glo nie die beginsels en konstitusie van die Nasionale Party nakom en uitleef nie.

In 'n onderhoud met die Wapad was mnr Eloff se kommentaar dat hy vol vertroue is dat die Nasionale Party die saak goed sal deurdink voordat hulle hom skors. Hy het in die onderhoud gesê dat hy wag om van die Nasionale Party te hoor voordat hy enige verdere kommentaar oor die aangeleentheid lewer.



*'n Toneel uit **Die Held** (PU vir CHO), die eenbedryf wat tweede gekom het tydens Kuesta.*
*Van links na regs: Casper Eloff, Gerrit Schoenhoven, Jaques van der Merwe.*

# *SALON HET HOË GEHALTE*

**Die jaarlikse Salon van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, wat deur die Kunsdepartement van die PU vir CHO aangebied word, is Maandagaand 31 Julie om 19h30 deur Mnr. Nardus Conradie geopen.**

Daar word 59 skilderye, 4 beeldhouwerke en 2 tapissereë van die plaaslike kunstenaars vertoon. Verskillende mediums soos olieverf, paste, conté, waterverf, monotipe en akriel is gebruik om die kunswerke kleurvol en kreatief te laat vertoon.

Die tegniese versorging en aanbieding is so te sê professioneel. Dit verhoog defnitief ook die waarde van die kunswerke.

Die tentoonstelling van die Salon word in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit-gebou gehou en kan gedurende kantoorure en Saterdae van 09h00 - 12h00 besigtig word. Dit duur tot 12 Augustus 1978.



*Mnr. Nardus Conradie, wat die Salon Maandagaand geopen het, saam met Prof. Ballot. Foto: C.F. Schoeman*

# *Mosie van Vertroue*

**OOrsig deur die nuusredakteur**

**Die vraag sou gevra kan word of die monstervergadering 'n sukses was al dan nie, op grond van studente-ontevredenheid, asook sekere aspekte wat later opgeduik het.**

Die briljante wyse waarop mnr. Theuns Eloff die massa gelei het tydens die vergadering het nie die studente-probleme uit die weg geruim nie. Dit werp 'n refleksie op die student se slap houding: die feit dat hulle toelaat dat hul aan hul neuse gelei word.

Die probleem omtrent die Pukkies kan as uitgepraat beskou word, maar denims en dans is afgeskeep weens tyd wat in beslag geneem is deur die Pukkies.

Geen reaksie het gevolg op die versoek dat die verteenwoordigers van die ondergrondse organisasies na vore kom nie. Ten spyte van die feit dat SAK nie 'n ondergrondse organisasie is nie, het die SSR geen erkenning aan SAK in hul persverklaring gegee nie.

Mnr. Mauritz Moolman se afwesigheid op die monstervergadering was teleurstellend. Dit het die verwagte vuur gedemp. Die feit dat mnr. Moolman nie sy uitlatings in die pers voor die massa wou verantwoord nie, kan 'n mens as lafhartigheid beskou.

'n Mosie dat daar voortaan ten minste een monstervergadering per semester, rakende studenteprobleme en -belange, gehou sal word, is algemeen aanvaar. Die kwessie van "oop universiteite" sal op die volgende monstervergadering bespreek word.



*'n Blik agter die skerms. (Foto: Frik Schoeman)*

# *Damesblad*

## Aster se eerste bring kennis

**ASTER het die afgelope naweek die eerste damessimposium op die PU aangebied met die tema: Studentedame, wat maak jy op jou kampus?**

Dr. Rena Pretorius (UP), mej. Sanet Lombaard en dr. Pieter Mulder het sowat 50 dames in die Konserwatoriumsaal toegespreek. Dit is onder andere bygewoon deur die SR-dames: Annabie Lubbe (UP), Christa Benade (Maties) en Louise du Plessis en Hoepie Howell (UOVS).

Dr. Rena Pretorius het gepraat oor die wese van die vrou as kern van die samelewing. Vir haar is dit die heel belangrikste dat die vrou kan doen net wat sy wil, met dié voorbehoud: "always be a lady". Die vrou is gelyk verantwoordelik, maar eiesoortig en daarom moet sy kan groei en aanpas om vrou te bly. Sy moet haar potensiaal, talente, haar hele self ontwikkel; Sy moét tersaaklike wetenskaplike kennis hê en die werklikheid ken (ook oor die politiek 'n gebalanseerde, gedenkte standpunt hê).

Dr. Pretorius het vier take voorgehou:
- die eerste is 'n eensame taak: om krities en volhardend aan jouself te arbei tot 'n ryp persoonlikheid sodat dink en doen, uiterlike handelinge en innerlike aard 'n eenheid bereik. Hiervoor moet die vrou 'n lewenshouding hê: op Christelike wyse verbete soek na wat waar en juis is, wat geglo kan word.
- die tweede taak is om jouself so te ken dat jy kan losraak van jouself en dan selfloos diens kan lewer.
- die suiwerste vorm van diens is om hard te werk, te streef na volmaaktheid binne jou perke (wat jy ken).
- die vierde taak is om menseverbintenisse te bou met simpatie, liefde, vriendskap en veral bedagsaamheid.

Mej. Sanet Lombaard se onderwerp was die akademiese verantwoordelikheid van die studentedame. Vir haar is die man en vrou deel van dieselfde wêreld (nie aparte wêrelde), maar verrig hul take op eiesoortige wyse. Net so is die studentedame 'n student (nie 'n spesifieke soort nie) met 'n akademiese funksie (wat sy eiesoortig verrig).

Die studentedame se akademiese verantwoordelikheid is nie in botsing met vrouwees nie, omdat alle verantwoordelikhede, roepings fasette is van haarself, van haar vrouheid.

Volgens dr. Pieter Mulder (die politieke verantwoordelikheid van die studentedame) moet dames polities voorberei word om latere eise te kan verantwoord.

Hy het die volgende probleme vir betrokkenheid uitgestippel:
- daar word nie meer geveg vir duidelik-omlynde doelwitte (bv. Afrikaans) nie. Die politiek is gekompliseerd en gerasionaliseer en met veel minder emosie;
- die eise aan die vrou is groot: soveel dat sy nie tyd, belangstelling oor het vir politiek nie

Hy het praktiese riglyne neergelê. Sy moet:
- sorg vir kennis van dag tot dag omdat daar nie 'n kitskursus vir politieke kennis en insig is nie;- krities wees en afleidings maak uit haar verkreë kennis;
- byeenkomste reël vir dames om te besin én by te woon;
- by 'n politieke party aansluit en as kieser registreer;
- vrae vra.

Die vrou kan nie binne kort bestek polities aktief raak nie – dus moet die studentedame dit nou al bewustelik bestudeer.

Die vise-rektor, prof. J.S. du Plessis, het die simposium afgesluit oor die rol van die vrou in die toekoms. Die mens, onder leiding van God, skep die toekoms waarin ons kinders moet leef. Die studentedame se roeping is dus om haar so te bekwaam om die hede en toekoms vreesloos tegemoet te gaan in verantwoordelikheid wat kennis, begrip en selfverantwoording eis.

Die studentedame moet bewus word van haar roeping met dank aan God wat haar wil gebruik. Hierdie bewuste dame put dan haar krag uit liefde en lojaliteit teenoor gesin en volk en vaste geloof en vertroue in God.

## Aster sluit gesellig af

**Verlede Vrydagaand is daar toe met die groot fees begin! Dit was by die legendariese Mooirivier en diegene daar teenwoordig was al die dameskoshuise se HK's, die Aster-verteenwoordigers en ook Christa Benadie, een van Stellenbosch se SR-lede, Hoepie Howell en Louise du Plessis van Kovsies en Annebie Lubbe 'n ou bekende onder die Puk-dames, van Tukkies.**

Om die kampvuur en so tussen die piesangslaai en sjokoladesous is daar diep dinge gesels: vanaf die reeds vervelende onderwerp nl. die geagte teenoorgestelde geslag tot by kampuspolitiek en hier en daar is selfs name soos Martin Luther King en Leonard Schach gehoor. Ook het die tradisionele koshuis-probleme nie uitgebly nie: eerstejaars en laataande!

Dit was heerlik om weer met Tersia (wat jy laas op die kamp in die begin van die jaar mee gesels het) te kommunikeer, om presies weer te hoor waar sy volgende jaar gaan werk en of haar kamermaat nou vir SR gaan staan of nie!

Die Saterdagaand het Aster 'n dinee aangebied waarna die damesprimariae en SR-lede uitgenooi is. Dit was 'n groot aand, wie kan nou hartseer bly as Steinman en Theuns se glase vol rooiwyn bly. Op Johan se aandrang het Cohen toe verdwyn en is die geselskap toe vergas op variasies gelewer deur die "Sonskynbroers" wat gewissel het van "Ou Ryperd" tot "Een aand op 'n trein!"

Dit was geneog om mens se hart weer woema te gee. Aster maak volgende jaar weer so!




## *Nugter dink en . . . dan eers jou kruisie!*

**Nugter dink en ..... dan eers jou kruisie! Ai ja, so gaan alle dinge verby en lê daar splinter-splinternuwes voor! Eintlik praat ek nou van die termyn 1978, want die SR- verkiesing lê om die draai. So ook die verskillende bestuurs- en HK-verkiesings. Maar nou moet ons Eva-geslag eers mooi dink, eers stilsit en dink! Ons moet ons berugte emosie so 'n bietjie hokslaan (L.W. nie ons intüisie nie!) voor ons ons kruisie agter die kandidaat se naam gaan trek.**

Vergeet eerstens van jou vooroordele bv. dat:
- donker mans vanselfsprekend ouliker is as blondes
- dat 'n baard definitief 'n swak ken moet toemaak
- dat doktersnaels verseker 'n sterk karakter weerspieël
- dis nie te sê dat as kandidaat D jou by die Puk-Pik gegroet het en vir jou 'n slukkie van sy koue koffie aangebied het, dat hy noodwendig pitkos gaan praat op 'n SR-vergadering nie!

Vergeet dat jy net met mans praat wat "Grasshoppers" dra – dié wat klompe dra verras jou keer op keer! Vergeet van sy Robert Redford-gesig in die verkiesingsblad, vergeet van sy horribaal-mooi drie verlede Saterdag en vergeet dat hy oë het wat Kristofferson byna sal laat skaam kry!

**Onthou:** moenie jou laat verlei deur groot woorde nie (die bekendstes is gewoonlik Christelik-Nasionaal!) as jy nie regtig weet wat dit beteken nie. Moenie hom instem op al sy vorige prestasies nie – dis nie vanselfsprekend 'n waarborg nie.

Wat jy moet doen is:
- gaan dam hom persoonlik by en gesels met hom oor al sy voornemens
- of gesels met jou seniors wat al 'n bietjie meer weet.

Maar onthou: moenie jouself laat beïnvloed nie – dis immers jy wat die kruisie moet maak.

En ons dameskandidate? Dink weereens mooi en maak jou keuse . . . ons het dames ook op dáárdie vlak broodnodig.

# RAADSVOORSITTERS

## *Akademiese Raad*



**Addelaid A. FERREIRA**

CURRICULUM VITAE

**1976: Inskrywing PU vir CHO vir B. Proc. I.**
**1977: B. Proc. II Regsvereniging sekretaresse.**
**1978: B. Proc. III Akademiese Raadsekretaresse; Regsvereniging Sekretaresse; Politiese Raadverteenwoordigster.**

BELEIDSVERKLARING:

Deur die nuwe struktuur van die Akademiese Raad behoort akademie as eerste prioriteit sy regmatige plek in die student se lewe in te neem, omdat nouer samewerking tussen dosent en student daardeur bewerkstellig behoort te word.

Die Akademiese Raad behoort meer betrokke te wees by die oriëntering van eerstejaarstudente, aangesien akademiese georiënteerdheid reeds vanaf die student se eerste jaar aangewakker behoort te word.

Ek beywer my om die akademiese belange en die beoefening van die Christelike wetenskap van die studente van die PU vir CHO na die beste van my vermoë te behartig.



**Cobus VILJOEN**

CURRICULUM VITAE:

**1977: Eerste inskrywing; Wysbegeerte Vereniging (Penningmeester)**
**1978: B.A. Kommunikasiekunde II; Akademieseraad Uitvoerende Bestuur (Lid van byeenkomste)**

BELEIDSVERKLARING:

Akademiese prestasie kan gemeet word aan die samewerking tussen studente en dosente. Om dit te kan doen sal veranderinge aangebring moet word vir insoverre die huidige sisteem daarin faal.

Daar sal gepoog word om verteenwoordigende studente op alle vlakke van die akademiese hiërargie te kry. Die ware karakter van ons Universiteit moet figureer in ons entoesiasme vir beter skoling en 'n hoër akademiese standaard.

Ek stel my ten doel, indien ek verkies word, om my te beywer vir bogenoemde oogmerke. As student aan dié Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voel ek dit my voorreg om my te beywer vir die belange van die studente ten opsigte van hul akademiese voorregte.

Mag dit dan ook die kernoogmerk wees om op verantwoordelike wyse die probleme wat daar op die oomblik mag wees uit die weg te ruim sodat – student sowel as dosent – mekaar mag aanvul.

## *Korpsraad*



**Pieter Abraham ODENDAAL**

CURRICULUM VITAE:

**1973: Jaar van inskrywing; W.Tvl. Junior Atletiekspan; Bondsboderedaksie; Sakboekieredaksie.**
**1974: Politiese Raad; Administratiewe Raad; Sakboekieredakteur; Werkverskaffingskomitee (voorsitter); Makouvlei K.V.V.-selbestuur; Studiekring; Studentehandboekkomitee (Konvenor); Bondsboderedaksie.**
**1975: Korpsraad; Administratiewe Raad; Studiekring (voorsitter); Makouvlei K.V.V.-selbestuur; JV Deo Gloria (voorsitter)**
**1976: Korpsraad (voorsitter) J.V. Deo Gloria (penningmeester).**
**1977: SSR-lid; Korpsraad (voorsitter); Interimkomitee van die Administratiewe Raad.**
**1978: SSR-lid; Korpsraad; Aktueel (voorsitter)**

BELEIDSVERKLARING:

Die KVV is die belangekring in die studentelewe wat as doel het om die kosbaarste besit van ons universiteit, die Reformatoriese Lewens- en wêreldbeskouing, in die studentelewe uit te bou. 'n Lewens- en wêreldbeskouing behoort nie 'n argief vol museumstukke te wees nie – dit is die dinamiese ingesteldheid tot geloofsdade. Die Reformatiese lewensbeskouing behoort nie as 'n koue opstapeling van werklikheidsvreemde gedagtes ervaar te word nie. Die Korps moet daarom ons lewens- en wêreldbeskouing lewendig uitbou deur onder andere meer selkampe aan te bied, vergadertegnieke te verbeter en sy publikasies tot hul volle potensiaal te ontplooi.



**J.H. PETZER**

CURRICULUM VITAE:

**1975: Jaar van eerste inskrywing.**
**1977: KVV-Studiestukredakteur; Sakboekiekomitee; PU-Koor; Hombré 1e Krieketspan.**
**1978: KVV – Skakelbeampte; KVV – Studiestukredakteur; Sakboekieredakteur. Hombré 1e Krieketspan.; Honns. B.A. Grieks.**

BELEIDSVERKLARING:

Dit is vir my belangrik dat Korps weer sy regmatige plek op die Kampus moet inneem. Daarom sal ek my beywer dat Korps (i) Primêr na binne werk, d.w.s. dat hy primêr die studente moet bereik; (ii) by uitstek die organisasie word waar enige student welkom is om oor lands- en lewensvraagstukke te praat; (iii) ook die lig wat daar van hom uitgaan, na buite moet uitdra.

## *Koshuisraad*



**Zoks SCHWELLNUS**

CURRICULUM VITAE:

**1978: Sekretaris SSR**

BELEIDSVERKLARING:

Die Koshuisraad moet die behoeftes van koshuisinwoners aan die Koshuisbeheerkomitee en SSR deurgee. Om die behoeftes en belange van die koshuisinwoners die beste te dien, moet die Koshuisraad seepglad funksioneer. Dit moet die belange van die koshuisinwoners altyd voorop stel. Die verhouding tussen die Koshuisraad en Koshuisbeheerkomitee moet beslis aandag geniet sodat ons mekaar se probleme kan verstaan en ken.

## *Stem woes, Stem Sjwelnoes*

## *Kultuurraad*

**Christo J. van Vuuren**
**Jan van Deventer**
**Sien P. 7-10**

## *Politiekeraad*

**Douw G. Breed**
**Siegfried Eiselen**
**Sien P. 7–10**

## *Sportraad*



**Petrus Johannes GROENEWALD (Pieter)**

CURRICULUM VITAE

**1976: Voorsitter Karateklub; Sportraad.**
**1977: Voorsitter Karateklub; Sportraad.**
**1978: Voorsitter Karateklub; Ondervoorsitter Sportraad; Voorsitter Koshuissportraad; Ondervoorsitter Geografievereniging; Tesourier SAU-karatevereniging**

BELEIDSVERKLARING:

Die beginsels van die PU vir CHO sal ek ten eerste handhaaf en my eie beginsels sal ek uitleef na die beste van my vermoë.

Ek stel myself beskikbaar tot diens van al ons studente en veral wat sport betref.

Ek sal my ten doel stel om sport altyd te bevorder en nog meer wat koshuissport betref. Ek sal dit bevorder deur koshuisligas in alle sportsoorte te probeer laat plaasvind soos wat die Koshuissportraad tans poog om te doen.

Verder sal ek probeer om minder bekende sportsoorte op die PU te laat plaasvind, bv. Sagtebal, Basketbal ens.



**Johan VENTER**

CURRICULUM VITAE:

**1976: Eerste inskrywing B. Proc.; P.U. o/20 rugby en Caput muurbal.**
**1977: P.U. o/20 rugby. Caput krieket.**
**1978: Caput gholfkaptein en verteenwoordiger. Caput rugby en muurbal.**

BELEIDSVERKLARING:

As Christen-Afrikaner stel ek myself die volgende ten doel:

1. Meer sportvoordele.
2. Beter reklame vir alle sportsoorte met die doel om die bywoningsyfer van PU sport te bevorder.
3. Beter skakeling tussen koshuis- en PU-sport.
4. Dat elke sportsoort sy regverdige plek sal kry.
5. Sportbetrekkinge met alle Universiteite te bevorder.

**Steinman de Bruyn**
**Sien P. 7–10**

## *Staatmakers as Kursusaanbieders en Offisiere*

**Die Staatmakers het van 17 tot 25 Julie die provinsiale Lunsklip-verkennersweek in die Percy Fyfe-natuurreservaat bygewoon as kursusaanbieders en offisiere.**

Sommiges het ook saam met die Verkenners kursusse in veldwerk geloop en gehelp met kombuis- en wagdienste. 'n Groep Verkenners moes in die veld bly en die kamp beskerm terwyl ander moes omsien na noodbeplanning en weerbaarheid, asook die organisasie en uitvoering van pligte in die kamp. Die hele kamp was op gevaarsein onmiddelik paraat.

'n Dag en 'n nag is gewy aan oorlewing in die veld. Die groep moes hulle verdedig teen die buitegroep en offisiere.

Besprekings oor die hedendaagse wêreld- en veral die Suid-Afrikaanse situasie is gedurende die dag gevoer. Dit is afgerond met groepsbesprekings.

Vlagparades het die dag in egter Voortrekkertradisie begin en afgesluit. 'n Kenmerkende gesig was kampvure, singende Voortrekkers en kampvuurkonserte.



*Verkiesing 1977 – die stemme word getel*

# Verkiesing

**Op 14 Augustus kry elke Puk die geleentheid om sy stem uit te bring ten einde 'n nuwe SSR daar te stel. Dié gebeurtenis plaas 'n besonderse verantwoordelikheid op elke Puk.**

**Verkiesing is nie daar om die aantreklikste mense daar te stel nie. Verkiesing is daar om die werklike leiers aan te wys – die mense wat besluite moet neem wat elke student daadwerklik gaan raak.**

**Die Wapad doen 'n beroep op elke Puk om homself te vergewis van die standpunte van die kandidate. Dit is miskien belangrik om ook te kyk of die kandidate in staat sal wees om 'n goeie balans te kan handhaaf tussen goeie denke en die praktiese uitvoerbaarheid daarvan.**

**Pukke onthou! Deur julle stemme kry die SSR gesag om besluite te neem wat julle gaan raak. Stem dus reg.**

# NP-swaard oor Theuns

**'n Politieke swaard hang oor Theuns Eloff se kop: dit sou jammer wees as Theuns uit die NP geskop word omdat hy, volgens bewerings, nie die beginsels en konstitusie van dié party nakom en uitleef nie. Die gevolge vir sy posisie in die studentelewe kan vérreikend wees, siende dat die ASB christelik-nasionaal is. Dit kan selfs sy presidentskap in gedrang bring. Tog is dit ook verblydend: die Afrikanerstudent begin polities dink en sluk nie meer alles wat hom ingevoer word nie. 'n Mens kan net hoop dat sulke stappe nie uit persoonlike motiewe geneem word nie en dat dit dus konsekwent toegepas sal word. – J K.**

# Aster leef

**'n Paar jaar gelede is met groot beslistheid verklaar: Aster het nie bestaansreg nie. Vandag kan stellig met net soveel beslistheid verklaar word: Aster hét bestaansreg – trouens, enige vereniging wat lewe, wat funksioneer, wat projekte aanpak en deurvoer, het bestaansreg. Dit sou die uiterste diskriminasie wees om Aster te negeer, veral as daar gekyk word na die gehalte van die simposium ('n eerste op die PU), na die deelname van dames aan projekte soos die grenspakkies, na die waarde van kontak met koshuisbediendes. Daar kan slegs gehoop word dat die dames in groter mate betrokke sal raak, dat Aster sal voortlééf, sal voortwéés. – A J.**




# Uit die Woord

Wat mag ons aantrek en wat nie? Hoe lank mag ons hare wees of hoe kort? Mag die Pukkies hoogskop of nie? Hierdie en ander vrae is dikwels die brandpunt van groot verleentheid en hewige argumente. Dit sorg vir koerantberigte en reaksie van oor die hele land.

Ons is 'n christelike universiteit. Dit beteken dat die mense wat aan dié inrigting vir gevorderde studie en navorsing verbonde is (studente en dosente en ander personeel) christene is. Die inrigting as sodanig, die bepaalde struktuur, kan tog moeilik christelik of onchristelik wees. Dit is die mense binne die inrigting wat christene is (of nie is nie). Natuurlik sal hulle dan op die vrae wat genoem is 'n antwoord vanuit die Bybel wil gee.

Die kerk te Korinthe het ook vrae gehad oor hulle elke dag se lewe. Een van die vrae was of hulle van die vleis mag eet wat aan die afgode geoffer is. Dit was in daardie tyd en in daardie heidense stad die vaste gebruik dat alle diere wat geslag word, in die slagproses aan die afgode geoffer is. Nou het sommige geredeneer dat daar tog nie so iets is soos afgode nie en dat die bepaalde rituele tog niks aan die vleis kon verander nie. Hulle weet tog dat daar net een God is en hulle glo en aanbid slegs Hom. Daarom kon hulle maar met 'n skoon gewete van die vleis eet. Die ander groep, waarskynlik die minderheid, kon net nie loskom van die idee dat die vleis aan die afgode geoffer is nie en het geglo dat hulle sonde doen as hulle daarvan eet.

U sal opmerk dat ons in beide gevalle 'n subjektiewe oordeel het. Die sonde of nie-sonde van die eet van die vleis is bepaal deur die geloof en gesindheid van die eter. Dit was moeilik om 'n duidelike streep te trek, om 'n waterdigte formule te vind wat uitspraak gee. So is dit ook met kleredrag en optrede: wie gaan bepaal hoe lank mag die rokkie wees of hoe hoog die nooientjie mag skop? Dit bly 'n subjektiewe oordeel. Natuurlik is dit nie so met alle sake nie – in baie dinge is die reël vir die Christen onbetwisbaar duidelik. Maar in sommige sake (Calvyn het dit middelmatige sake genoem) bly die oordeel subjektief.

Paulus gee die groep wat redeneer dat dit nie sonde is om die vleis te eet nie, gelyk. Hy handhaaf die christelike vryheid ondubbelsinnig. Die aarde en die volheid daarvan behoort aan die Here. (Lees gerus weer Psalm 24)."... want waarom word my vryheid geoordeel deur 'n ander se gewete? En as ek iets met danksegging geniet, waarom word ek belaster oor iets waarvoor ek dank?" (1 Kor 10:29, 30).

Deur die lyde, dood en opstanding van Christus is e vry. "Alles is my geoorloof ..." (1 Kor. 10:23).

"... maar nie alles is nuttig nie; ... maar nie alles stig nie." (1 Kor. 10:23). Dit is die punt. My vryheid in Christus is nie en mag nie die rigsnoer wees vir my optrede nie. Die rigsnoer is die liefde tot God en die liefde tot die naaste. As my optrede hom sou laat sondig, moet ek dit laat. Alles wat ek doen moet tot eer van God wees, en tot opbouing van my naaste. Tot eer van God en tot opbou van die naaste oefen ek vrywillig nie my vryheid uit nie – nie dat ek sou sonde doen as ek van die vleis sou eet nie, maar omdat ek God eer en my naaste opbou.

"Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God. Wees geen oorsaak van struikeling vir Jode of Grieke of vir die gemeente van God nie: ..." (1 Kor. 10:31).

# HOOR JOUSELF GESOND

***deur Mariëtte van der Walt***

**Oudiopsigofonologie behels die studie van die verband tussen die mens se hoorvermoë, sy pisgologiese houding en sy spraak- en taalvermoeëns. Hierdie wetenskap is gebaseer op die werk van 'n Franse spraakterapeut, prof. Alfred Tomatis.**

Prof. Tomatis het bewys dat 'n pasiënt se gedrag en spraak verbeter wanneer sy ouditiewe vermoë verbeter word. Vir hierdie doel het hy verskeie elektroniese sisteme gekombineer in die sg. Elektroniese Oor.

Opvoedkundige en terapeutiese tegnieke wat op oudiopsigofonologie gebaseer word, dek 'n wye veld in die menslike bestaan. Dit behels terapie op die gebied van praat en sing, uitspraak of leesvermoë (bv terapie vir disleksie) en psigologiese doofheid of duiseligheid wat deur gehoorgebreke veroorsaak word.

Laterale wanfunsie (bv. links/regs onvermoë), gebrekkige konsentrasie of geheue en ook gedragsprobleme (bv epilepsie of 'n gebrek aan selfbeheersing) kan deur oudiopsigofonologiese terapie genees word.

Die aanleer van vreemde tale op die oudiopsigofonologiese metode is 'n interessante aspek van dié studieveld. Dit behels basies die filtrering van die klanke van die vreemde taal, bv. Frans, sodat die student Frans op dieselfde manier hoor as wat 'n Fransman dit hoor. Daarom kan die student die Franse klanke soos 'n Franssprekende persoon uitspreek.

Prof. Tomatis, 'n toegewyde Katoliek, skryf sy sukses met hierdie tegniek daaraan toe dat hy die Bybel steeds as die belangrikste bron vir sy werk en lewe beskou. Hy wys sy pasiënte ook gedurig op die gemoedsrus wat hulle daaruit kan put.

# Redaksie

**Hoofredakteur:** Frikkie Odendaal; Van Rooystr. 45
**Assistent-Hoofredakteur:** Jan Kroeze; Klooster 3468/ 22151/ 22246
**Verspreidingshulp:** Louis van der Linde; Hennie Jacobs
**Redakteur Rade en Inter-Universitêr:** Kierie du Rand; Uniehuis 22154 Piet Gouws, Luzette Botha, Jan Henning, Melanie Hornabrook.
**Nuusredakteur:** Jaco Pretorius; Bus 20310 Noordburg. Thomas Kruger, Mariëtte van der Walt
**Redakteur Manskoshuise:** Lourens du Plessis; Caput 22371/3375/3376
**Redaktrise Dameskoshuise:** Diana Roestorf; Vergeet-my-nie 5211/5212
**Sportredakteur:** Nico van der Westhuizen; Hombrè 7996/ 23915 Antoon Rheeders
**Sportredaktrise:** Lollo Claasen Dorp 6017; Mariaan Slot; Alta de Korte
**Damesbladredaktrise:** Leenster Pasch; Klawerhof 22037/ 22119/ 22163 Anne-Marie Jacobs
**Kunsredaktrise:** Millie d'Assonville; Dorp 6574; André Howard
**Tegniese Redakteur:** Puren, Marietjie Eloff
**Redakteur Vaaldriehoek:** Koos Pretorius.
**Fotoredakteur:** Jaco Pretorius, Bus 20310 Noordburg.
**Fotograwe:** Frik Schoeman, Paul Slot.
**Sekretaresse:** Marlian Kritzinger; Vergeet-my-nie 5211/5212
**Penningmeester:** Paul Slot; Dorp Amajuba 23429
**Spotprente:** Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375/3376; Annelie Willemse
**Advertensiebestuurder:** Buks Steenkamp; Liberalia 22129

# Kandidate vir SSR

## *Voorsitter*



**Douw Gerbrand BREED**

### CURRICULUM VITAE:

**1975: Caput 1ste rugby span; Jaar van Inskrywing.**
**1976: Verteenwoordiger: Politiese Raad; Caput rugbybestuur.**
**1977: SSR-lid; Politiese Raad Ondervoorsitter; Studenteparlement voorsitter; ASB-kongres afgevaardigde; Caput rugbybestuur en mede-afrigter.**
**1978: SSR-ondervoorsitter; Studenteparlement voorsitter; Politiese Raad; ASB-kongres afgevaardigde; Caput rugbybestuur en mede-afrigter.**

### BELEIDSVERKLARING:

Dit is vir my 'n besondere voorreg om myself beskikbaar te stel as voorsitter van die Sentrale Studenteraad.

Die Sentrale Studenteraad moet myns insiens eerstens leiding gee aan die studente, en daarom sal die eerste taak van die voorsitter wees om te sorg dat elke studenteraadslid die nodige leiding ontvang om leiding te kan gee aan studente in sy betrokke portefeulje. Omdat die substudenterade so 'n belangrike plek inneem in die georganiseerde studentelewe, glo ek dat met die nodige leiding die rade die komende termyn 'n baie meer prominente plek kan inneem.

Dit is vir my belangrik dat studente baie nouer betrek word by die aktiwiteite van die Studenteraad. Daarvoor is nodig dat studente kennis moet dra van wat op die S.S.R.-vergaderings gebeur. Dit kan en moet bewerkstellig word in die komende termyn.

Skakeling tussen die Studenteraad en die universiteitsowerhede het die afgelope twee termyne baie verbeter en as voorsitter sien ek ook in hierdie opsig 'n roeping om die belange van die student te behartig.

'n Terrein met fasiliteite vir opleiding en ontspanning soos bergklim, swem, visvang, kanovaart, ens. bly nog 'n groot gebrek by die Puk. Waar ons kennis geneem het dat die Puk binnekort so 'n terrein gaan aankoop, stel ek my dit ten doel om hierdie terrein uit te bou om te voldoen aan die student se behoeftes.

Die studentesentrum nader voltooiing. Hierdie sentrum sal die hart van die studentelewe word, en daarom sal baie noukeurige aandag verleen word by die inrig daarvan.

Die Puk student het nog altyd sy doel gebring in die ASB, en ek wil graag daarop voortbou.

As Christen student sal ek daarna streef om altyd enige politieke leiding te meet aan die eise van die Skrif. Die klem moet in die komende jaar ook baie sterk val op die opleiding van studente op politieke vlak.

Onder die duidelike besef van my tekortkominge en my afhanklikheid van God stel ek my diensbaar.



**Theuns ELOFF**

### CURRICULUM VITAE:

**1972: Inskrywing vir B. Jur. I; o/20 Rugby; Lid van Thalia Toneelvereniging.**
**1973: o/20 Rugby; Lid van Thalia Toneelvereniging;**
**1974: Voorsitter van Thalia Toneelvereniging; Ondervoorsitter van Florna; A.B.K.K.-Hoofbestuur; Sekretaris van Dorpstudentevereniging; Voltooi B.Juris.**
**1975: Penningmeester van SSR; Kaptein o/20 Rugby; Skryf in vir Th.B-studie.**
**1976: Ondervoorsitter van SSR; Voorsitter van Florna; Onderkaptein van eerstespan Rugby; Besembosredaksie; Administratiewe Raad; Kultuurraad; Sameroeper van Advertensiekomitee; Lid van PU-afvaardiging na ASB-kongres.**
**1977: Voorsitter van SSR; Leier van afvaardiging na ASB-kongres; Addisionele lid op ASB-dagbestuur; Besembosredakteur; Eerstespan rugby.**
**1978: Voorsitter van SSR; Leier van afvaardiging na ASB-kongres; ASB-president; Besembosredakteur; Eerstespan rugby – onderkaptein; W.Tvl – rugby – onderkaptein.**

### BELEIDSVERKLARING

By die oorweging van die moontlikheid om as SSR-voorsitter verkiesbaar te wees, moet talle faktore in ag geneem word. Die belangrikste hiervan is m.i. om diens te kan lewer. Dit is dan ook primêr om hierdie rede dat ek myself weer verkiesbaar stel.

Sekere riglyne tot hierdie diens vir die volgende termyn is:

INTERN:

– meer sentralisasie en koördinering in die studentelewe sonder om die selfstandigheid van die rade op die gebied te ontken of in gevaar te stel.
– volle benutting, bekendstelling en ingebruikneming van die Studentesentrum wat aan die einde van 1978 voltooi behoort te wees. Hier is veral die beheer en kontrole, sonder om dit 'n "wit olifant" te laat word, baie belangrik
– maksimum implementering van die voordele en funksies van die Studenteburo, wat ook teen die einde van die jaar ingestel sal wees, in die studentelewe, die breë universiteitslewe, en die buite-universitêre terrein
– die spoedige voorbereiding en benutting van 'n kampterrein wat moontlik deur die P U aangekoop gaan word, en indien nie nou aangekoop, die meehelp tot die spoedige aanskaf van 'n eie kampterrein vir die Puk
– die behartiging van enige sake of belange van studente wat spesifiek op die tafel van die SSR sal kom of behoort te kom.

EKSTERN:

– Die plaaslike stadsraad hou die sleutel tot jeugontspanning in Potchefstroom: beter en kontinue skakeling oor hierdie belangrike saak behoort meer aandag te kry.
– Op die terrein van die Afrikaanse studentepolitiek het die Puk een van die steunpilare van die ASB geword. Die betrokkenheid van die SR en verenigings, maar ook dié van indiwiduele studente behoort nog verder uitgebrei en bevorder te word.
– Op die gebied van die breër Suid-Afrikaanse Studentepolitiek het die PUK-student ook 'n leier geword veral wat rigtinggewende prinsipiële denke betref. Hierdie leiding behoort gehandhaaf en nog sterker Christelik-nasionaal uitgebrei word.
– In die breë politiek, behoort die SSR nog meer leiding te gee en menings te vorm deur besluite, uitsprake en gespreksforums.

Dit is 'n voorreg en verantwoordelikheid om verkiesbaar te wees as SSR-voorsitter. Die diens wat gelewer moet word, moet altyd gegrond wees op dieselfde grondslag as dié van die P.U. vir C.H.O. – onvoorwaardelik Christelik, onbeskaamd Afrikaans.

## *Adjunk-Voorsitter*



**Jan Daniël Steinman DE BRUYN (Steinman)**

### CURRICULUM VITAE:

**1971: Tennisklub bestuur**
**1972: Tennisklub voorsitter en kaptein; Algemene ontspannings bestuur; Kine-Puk bestuur.**
**1973: Sentrale karnavalkomitee; Tennisklub voorsitter en kaptein; Kuesta reëlingskomitee; Sentrale sportbestuur; behaal B.Comm-graad.**
**1974: Sportraad voorsitter; W.Tvl. Tennis uitvoerende bestuur; Artikels-klerkskap by ouditeursfirma.**
**1976: Tennisklub voorsitter; LL.B. verteenwoordiger op S.R.V.P.; Sportraad; Sekretaris Potchefstroomse Tennisvereniging; Behaal B. Juris (Ekon)**
**1978: LL.B I; Sportraad voorsitter; S.S.R.-lid; Afgevaardigde na ASB kongres**

### BELEIDSVERKLARING:

Die skep van die pos van Adjunk-voorsitter bied nuwe uitdagings aan die betrokke persoon. Hierdie pos is ideaal om die kommunikasiegaping tussen die SSR en die studentemassa te oorbrug en skakeling te verbeter.

Ek stel myself ten doel vir die beter koördinering tussen sub-studenterade om die struktuur van die studentelewe sodoende meer vaartbelyn te maak. Die sub-studenterade se outonomiteit moet gehandhaaf word sodat die studente vertroue daarin sal hê en sodoende meer aktief betrokke sal raak.

Die koördinering van die verskillende portefeuljes en die gladde funksionering daarvan op die SSR is van uiterste belang. Elke SSR se krag en sukses word grootliks hieraan getoets daarom sal ek my daarvoor beywer dat deur die funksionering van die portefeuljes nie net die belange van Pukstudente na binne behartig word nie, maar ook dat die naam van die Puk na buite altyd uitgedra sal word.

Die diensleweringsaspek van die SSR aan die studentemassa geniet hoë prioriteit. Dit kan egter slegs funksioneel geskied indien daar sinvolle kontak tussen die studente-massa en die studenteraad enersyds en tussen die studenteraad en die owerheid andersyds is.

Die positiewe doel van oriëntering bly steeds 'n hoë prioriteit. Die lojaliteit wat hierdeur geskep word kan nooit te gering geskat word nie. Dit dien as hoeksteen vir 'n gesonde koshuis- en Pukgees.

Dit is belangrik dat studente vandag standpunt inneem ten opsigte van landspolitiek. Dit moet egter nooit die enigste prioriteit van 'n studenteleier wees nie. Waar sodanige standpuntinname wel geskied moet dit met die grootste verantwoordelikheid gedoen word.

As Christen-Afrikaner onderskryf ek die grondslag van die ASB en stel ek my ten doel om dit uit te bou.



**Jan Louis DU PLOOY**

### CURRICULUM VITAE:

**1975: Inskrywing aan die P.U. vir C.H.O.; B.A. Propedeuties; Dien op die besture van K.V.V. Hulpprojekte; Korpssel Kompleks.**
**1976: Dien op die besture van Sakboekieredaksie; Forumbestuur; J.V. Afdelingsbestuur; Rugby o/20 (a).**
**1977: Redakteur – Sakboekie; Dien op Karnavalkomitee; T.S.V. en Theologicabestuur; Admin. Raad; J.V. Afdelingsvoorsitter; Rugby o/20. Behaal B.A. graad.**
**1978: Skryf in vir Honns. Grieks; Ondervoorsitter Karnavalkomitee; J.V. Afdelingsvoorsitter; Voorsitter Admin. Raad.; S.S.R. lid – Akademiese Raad; Portefeulje A.S.B. projekte; Sameroeperkommissie i/s die voortbestaan van die Admin. Raad; Sameroeper – Kommissie i/s vergoeding van S.S.R. lede; Kommissie i/s finale strukturering van S.G.D. (Studentegemeenskapsdiens); Afgevaardigde A.S.B. kongres.**

### BELEIDSVERKLARING:

Twee belangrike sake waaraan die ondervoorsitter van die S.S.R. veral aandag behoort te skenk, is die volgende:

Die verdere uitbou van die groter erkenning van die verskillende Rade en hul werksaamhede, sonder om die finale sê van die SSR as hoogste gesag te ondermyn of te ontduik.

Die oriëntering van eerstejaarstudente.

Die groter erkenning van die Rade het hierdie jaar reeds begin realiseer, en was die gevolg van 'n poging om die SSR en die massa steeds nader aan mekaar te bring. Myns insiens behoort volgehoue pogings aangewend word om wedersydse openhartigheid en begrip te bevorder. Kommunikasieprobleme en gevolglike onkunde wanbegrip tussen die twee partye was in die verlede die groot wentelpunt waarom krisisse ontstaan het.

Openhartigheid en die gebruik van kanale na die owerhede (akademies en andersins) is twee van die maniere om 'n gesonde gees te handhaaf en 'n belangrike voorwaarde om lojaliteit teenoor die Puk te bewys.

Oriëntering is vir my een van die belangrikste instrumente van die verlede om eerstejaarstudente op ons kampus tuis te maak en ware Pukke van hulle te maak. Volgehoue oriëntering is dus 'n mooi ideaal wat die moeite werd is om na te streef. Met dat die Puk so geweldig uitgebrei het, is meer klem geplaas op die koshuislewe met die doel om die Pukgees te bewaar. Die teenoorgestelde het egter gebeur en nogmaals besinning oor die aanbieding van oriëntering kan slegs goeie vrugte afwerp. Sekere tradisies moet bewaar bly, omdat hulle 'n goeie doel dien, maar ander stel die eenheidsgees op ons kampus in gevaar en verdien heroorweging. Ook hier sal indringende en voortdurende kontak tussen die SSR en HK help om die probleem op te los.

Die behoud van die christelike karakter van ons universiteit geniet by my hoë prioriteit. Waaksaamheid en skerpsinnigheid oor interne sake, maar ook deelname aan die ASB en bevordering van die Afrikaanse kultuur op breër vlak, maak 'n belangrike deel uit van hierdie "behoud van ons karakter." 'n Verantwoorde mening oor studentepolitiek (bv. die kwessie oor "oop universiteite"), landsake en ander kwessies, is 'n integrale deel van die Pukstudent se taak in hierdie verband. Kennis van hierdie sake en kennis van die Woord van God om dit as maatstaf te kan aanlê, is onmisbaar by die verantwoordelike Puk. Hier behoort die SSR 'n leidinggewende rol te speel.

## *Administratiewe raad*



**Fuch FOUCHE**

### CURRICULUM VITAE:

**1976: Jaar van inskrywing**
**1977: Karnavalkomitee; Ibbies Rugby.**
**1978: Primarius Liberalia; Dagbestuur Koshuisraad; Lid – Skakelkomitee van Rade; Karnavalkomitee; Ibbies Rugby.**
**1978/9: Karnavalkomitee – Ondervoorsitter.**

### BELEIDSVERKLARING:

Omdat die SSR 'n belangebehartigende instansie is, glo ek dat dit die eerste plig van 'n studenteraadslid is om die belange van die algemene student te dien.

As studenteraadslid sal ek my beywer om nie net intern die behoeftes van die student te dien nie, maar ook altyd die beeld van ons Universiteit na buite uit te bou.

Hoewel ek my altyd sal beywer vir 'n goeie onderlinge koshuisgees en mededinging, glo ek dat 'n gesonde Puk-gees altyd ons hoogste prioriteit moet bly.

*Stem met identifikasie*

# VERKIESING



**F.C. ELOFF (Frits)**

**CURRICULUM VITAE**

**1976: Skryf in vir B.Sc; Kampusdialoogkamp; Rugby, trapkar en atletiek – Caput.**
**1977: Besembosredaksie; Politikabestuur; Aktueelbestuur; Atletiek en trapkar – Caput.**
**1978: Assistent-redakteur – Besembos; Voorsitter – Programvergaderings; Dagbestuur van Politiese Raad; Pukkie Verspreidingsredakteur; Trapkar – Caput.**

**BELEIDSVERKLARING:**

Elke Puk-student het as Christen-Afrikaner 'n plig in die samelewing.

- Vanuit suiwere beginselstellings moet op akademies-politiese vlak 'n toonaangewende rol gespeel word. Die meer sinvolle affiliasie by die ASB en nouer skakeling met dosente sal help om hierdie doel te verwesenlik.
- Daar moet vir elke student geleentheid wees om sy politieke kennis te verdiep.
- Daar moet vir elke student geleentheid wees om sy politieke kennis te verdiep.
- Goeie skakeling tussen studente en SSR moet uitgebou word.
- Vir 'n kerngesonde studentemassa moet 'n studentelewe daargestel word wat aan hulle behoeftes sal voldoen.



**Anne-Marie JACOBS**

**CURRICULUM VITAE**

**1976: B.A. (Komm.) I – Eerste inskrywing; Karnavalkomitee (76-'77); Netbal W-'n-B I (ook 1977, '78).**
**1977: B.A. (Komm.) LL; Karnavalkomitee; Korpsselbestuur W-'n-B.**
**1978: Karnavalkomitee (sekr.); Wapad (subredaksie); Besembos-redaksie; Aster-bestuur; HK-lid vir W-'n-B; Studenteparlementslid vir W-'n-B; Politiese Perspektief (sekr.); SSD-afgevaardigde.**

**BELEIDSVERKLARING:**


Die basis van my bestaan is die Woord van God en in die lig daarvan die volgende:

Diens en werk is roeping: SR bied vir my die moontlikheid tot diens én vorming van myself en (miskien) andere.

As Christelike studenteraad glo ek moet die PU 'n leidende rol speel in 'n verwarde en gebroke wêreld deur suiwer beginselstelling – ook in die politiek. Om getuienis na buite te lewer, is ek ten gunste van skakeling met ander studente (op 'n forum soos die ASB) andervolkiges; die pers.

Ek kan my versoen met die belangebehartigende studentestruktuur, affiliasie (soos gewysig) by die ASB, **maar** met oopheid vir kritiek, verandering, **mits** dit lojaal en ter verbetering is.

Die krag vir diens in die uitbouing van die studentelewe sal ek afbid van God in die vertroue dat my arbeid tot die eer van God sal strek.



**C Mauritz MOOLMAN**

**CIRRICULUM VITAE**

**1974: B.A. (Komm) I; Penningmeester Skrywerskring.**
**1975: B.A. (Komm) I; Voorsitter Pops; kanselleer Meimaand; verslaggewer Potch Herald.**
**1976: Redakteur Wes-Rand Herald.**
**1977: B.A. (Komm) I; Lid van die Kultuurraad; Voorsitter Skrywerskring; Die Wapad Red. Rade en Interuniv; Op die Wa-as.**
**1978: B.A. (Komm) II; Puk Nota Bene Sub-red.**

**BELEIDSVERKLARING:**

By die doel van die Politiese Raad, soos in die sakboekie (p.27) wil ek byvoeg: Dit moet ook die doel van die Politiese Raad wees om die studentemening aangaande besluite wat m.b.t. dié politiek geneem word baie duidelik by die Studenteraad en die owerheid tuis te bring.

Om dit reg te kry beplan ek 'n nuwe onderliggaam vir die Politiese Raad. Hoe dit sal werk sal op navraag verduidelik word.

Kortliks behels dit dat arbitrêre beslissings op hierdie terrein ondersoek word en die nodige aanbevelings by die belanghebbende instansies gedoen word. Dit maak die instelling van referendums moontlik.

Ek spreek my uit teen politieke aktivisme en glo dat ons op nasionaal-politieke terrein net meningsbevoegdheid het. Dit is ons plig as studente en môre se leiers om die mening vryelik te mag uitspreek. Die Politiese Raad doen dit ook namens die studente.

As studentemassa ek saam met die studente en dra die gevolge, staan ek by die Christelike karakter van die PU vir CHO en by die uitstekende werk van die afgelope jaar deur die uittredende Politiese Raad.



**H.L. VISAGIE (Hendrik)**

**CURRICULUM VITAE:**

**1975: Jaar van Inskrywign B. Pharm.**
**1977: Universiteitskoorlid.**
**1978: Stok-komitee Bestuur; Universi-t-eitskoorbestuur; Junior Rapportryerskorpsbestuur.**

**BELEIDSVERKLARING:**

Daar is seker by min van ons enige twyfel oor die situasie waarin ons land, en in die besonder ons universiteit hom huidiglik bevind: 'n situasie wat mens tereg kan omskryf as 'n stroomversnelling – 'n verskynsel wat sekerlik nugtere behendigheid, gemotiveerdheid en beginselgebondenheid verg.

Dis dan my voorneme om my diensbaar te stel vir die medeopbouing van daardie studentegemeenskap wat ons omstandighede vereis. Lojaliteit aan die Christelik-nasionale beginsels, 'n deurdagte kennis van die huidige politieke gang en 'n vurige wil om daarvolgens te handel, is 'n voorbeeld van dit wat ons omstandighede vereis.

Dit alles egter nie in eie krag nie.

**Douw G. BREED**
**SIEN VOORSITTER**

## *Sport-raad*



**B.D. (Bennie) HATTINGH**

**CURRICULUM VITAE:**

**1975: 1e Jaar B. Juris.**
**1976: 2e Jaar B. Juris; O/voorsitter – Tennisklub.**
**1977: 3e Jaar, B. Juris; O/voorsitter – Tennisklub.**
**1978: 1e Jaar LL.B.; Voor. – Tennisklub; Add. lid van Sportraad.**

**BELEIDSVERKLARING:**

Groot werk in die Studentelewe lê nie alleen op die akademiese terrein nie, maar wel ook in ons sportlewe. Sport en politiek het so vervleg geraak dat in die promosie daarvan moeilik 'n onderskeid te trek is. Sport speel dus 'n baie belangrike rol in ons "troebel" toekoms, en ons studentesportmanne kan en behoort 'n prominente rol daarin te speel en wel ter verbetering van menseverhoudinge. Daarvoor sal ek my ook beywer.

Myns insiens kan ons as Pukke 'n groot rol speel, deur middel van die A.S.B., om die onverbonde of onbetrokke Afrikaanse universiteite te betrek. Verder behoort ons te streef na nouer kontak met en groter begrip van Engelse universiteite.



**J du P VAN ZYL**

**CURRICULUM VITAE:**

**1977: Eerste inskrywing – B Art et Scien I; PU I – Muurbal; Dorp – Rugby; PU Muurbal – Klubkaptein.**
**1978: B Art et Scien II; Villagers HK; PU Muurbal – Voorsitter; PU I Muurbal; SALU Muurbal; Beplanning vereniging – Sekretaris; Sportraad – Muurbal; Villagers I – Gholf.**

**BELEIDSVERKLARING:**

Omdat die oorgrote meerderheid Pukke by sport betrokke is, voel ek dat dit die plek is waar ek die talente wat ek ontvang het, die beste kan implementeer.

In aansluiting hierby: dit is tyd dat daar persone op die Studenteraad kom wat die student se belange behartig, en dit is dan ook my voorneme.



**J.S. ZAAYMAN (Fanie)**

**CURRICULUM VITAE:**

**1976: B. Juris I; Algemene organiseerder Kultuurraad; Dagbestuur Kultuurraad; PU o/20 rugby.**
**1977: Dagbestuur Kultuurraad; Lid Intervarsitykomitee; Lid Ontspanningskomitee; PU o/20 rugby.**
**1978: Voorsitter Kultuurraad; Lid van Intervarsitykomitee; Lid van Ontspanningskomitee; PU Gholfklub – Voorsitter.**


**BELEIDSVERKLARING:**

Die Kultuurraad aan die PU vri CHO val in twee afdelings, nl. Kultuur en ontspanning. Aan die PU vir CHO is daar 'n ryke kultuur wat die voortbestaan van ons nasie en studentelewe verseker. Ons as studente is egter nie net kultuurgebonde nie, maar as gebalanseerde jong studente streef ons ook na ontspanning. En dit is die plig van die SSR en Kultuurraad om in alle behoeftes van die student na ontspanning te voorsien. Potchefstroom bied nie baie ontspanning vir jong mense aan nie en dit is studenteleiers se plig om die studente daarin te voorsien.

Pukke ek kom nie met beloftes, wat soms leeg kan wees, na julle nie, maar wat julle van my vra en van my verwag, daarvoor sal ek my beywer, om in my mede-Pukke se behoeftes te voorsien en om met hulp van Bo in alle behoeftes te probeer voorsien.

**Gert BREED**
**SIEN KOSHUISRAAD**
**Stein DE BRUYN**
**SIEN ADJUNK-VOORS.**

## *Koshuis-Raad*



**Gert BREED**

**CURRICULUM VITAE:**

**1974: Jaar van Inskrywing BAI; Skuur-rugby;**
**1975: Caput-rugby.**
**1976: Caput HK; Caput 1ste span en seweman-rugby.**
**1977: Skryf in vir Th.BI; Caput-onderprimaria; Forum-voorsitter; Korpsraad; "Jong Kerk"-redaksie; Caput eerstespan rugby en seweman-rugby kaptein.**
**1978: Primarius Caput; TSV/Teologica-bestuur; Sport-organiseerder; Caput 1ste span rugby; Koshuisraad.**

**BELEIDSVERKLARING:**

God gee aan elke mens 'n roeping en taak. Ons is studente om ons akademies en sosiaal te vorm. Hierin moet die student hom gebalanseerd uitleef en daarom moet hy kennis dra van die verskillende geleenthede. Ek sal my beywer vir 'n beter metode om die verskillende rade en verenigings bekend te stel, veral by die eerstejaar. Hierby moet die H.K.-lede ten nouste betrek word. Ek onderskryf die grondslag en doel van die A.S.B. en ek glo dat die Woord van God op politieke terrein, soos op alle ander terreine, die bron van my beginsels moet wees.



**D.J. DE KOCK**

**CURRICULUM VITAE:**

**1974: Jaar van inskrywing**
**1976: B.A.**
**1977/8: Toelatingsvakke vir Th.B.**
**1975: Addisionele lid –KVV Byeenkomste-komitee; Voorsitter J.V. Filadelfia;**
**1976: Hombré Huiskomitee; Korpsraad Forum – Voorsitter; Korpsraad Uitvoerende Komitee; Korpsraad Vaandeldraer; Voorsitter J.V. Afdeling Cachet.**
**1977: Hombré Primarius; Ondervoorsitter Korpsraad; Organiseerder Opleiding – Bondsbestuur van Hoëveldse Bond van J.V.'s.**
**1978: Sentrale Studenteraadslid; Koshuisraadsvoorsitter; Organiseerder Navorsing – Bondsbestuur van Hoëveldse Bond van J.V.'s.; ASB Kongres afgevaardigde.**

**BELEIDSVERKLARING:**

Die Koshuisraad vervul algaande 'n belangriker rol in die struktuur van ons studentelewe. Dit is die kulminasiepunt van koshuisaangeleenthede, soos gesien deur die SSR en die koshuisowerhede met volle inagneming van die belange van die koshuisinwoner.

Elke student is verbonde aan 'n koshuisgemeenskap. Om produktief te kan werk, moet hy gelukkig wees. Daarom sal ek my beywer om die koshuisstudent se belange na die beste van my vermoë op die SSR te behartig.

In die vorige termyn is daar tot so 'n mate gevorder in die kontak met die koshuisowerhede, dat die Koshuisraad nou op die Koshuisbeheerkomitee verteenwoordiging verkry het. Hierdie saak moet nog verder uitgebou word sodat daar steeds meer openheid tussen die studente en die owerhede verkry kan word.

As Christen-Afrikaner onderskryf ek die grondslag van ons universiteit en die daadwerklike uitlewing van ons Christelike beginsels.

*Bou 'n Nasie*
*Bring Identifikasie*
***(Studentekaart/Lewensboek)***






## Wag 'n Bietjie

**Hoe lui** die spreekwoord nou weer, "Goeie goed is skaars goed", en dit is dan ook die rede waarom daar so lanklaas van die bont skilpad gehoor is.

Nou ja, die vakansie is verby, en al wat 'n mens nog daarvan oor het, is die probleem om nou weer vroeg op te staan, en natuurlik die letsels wat ma se kos nagelaat het.

Dit is heel waarskynlik waarom die dames van Wag 'n Bietjie soggens die koue trotseer om te gaan draf, die hysbak vermy, trappe hardloop, die gym besoek en van appels en water lewe!

Een en almal van ons het nietemin 'n heerlike Juliemaand agter die rug. Al wat dit miskien 'n bietjie ongemaklik kon maak, was die onheilspellende wit koeverte met die bekende naam en kursus daarop. Dit lyk egter asof dit met almal voor die wind gegaan het. Met diegene wat egter in die kategorie van eens, twees en dries val, innige simpatie. Onthou, daar is nog net twaalf weke oor voor die eindeksamen.

Die Wag 'n Bietjie-dames sien dan ook uit na die komende semester met al sy aktiwiteite. Veral die komende S.S.R. verkiesing en Intervarsity geniet voorspraak. Dit is en bly maar geleenthede waaroor 'n mens wonder en lekker nuuskierig oor is. Ons onderneem dan ook om in ons hordes by albei geleenthede op te daag.

Aan alle Wag 'n Bietjie inwoners, dan ook 'n hartlike welkom terug, laat dit goed gaan die laaste semester.

## Klooster

**Klooster** se nuwe huispa, prof. Geertsema, het saam met sy gesin die vakansie sy intrek in Klooster geneem. Die inwoners wil graag die gesin baie welkom heet en hoop dat hulle verblyf baie lank en baie aangenaam sal wees. Soos een van die inwoners opgemerk het, "prof. Reynecke het met twee kinders hier aangekom en met vier weggegaan . . ."

'n Hele paar inwoners het besluit om na die vakansie nie meer in die koshuis te woon nie. Dit het tot gevolg gehad dat 'n hele paar kamers in die koshuis oopgegaan het. Saam daarmee het daar ook 'n merkwaardige verdieping in die akademiese gees van die koshuis ingetree. 'n Mens wonder of die Julie-resultate die oorsaak is daarvan.

Die tegniese departement het na die vakansie hard gewerk om die groot aantal stukkende ruite te vervang. Balspeletjies moet dus in die vervolg nie meer so roekeloos wees nie. Die swembad staan ook nog onaangeraak en die somer kom vinnig nader. Almal vertrou egter dat Tegnies besig is om daarvan werk te maak.

## Oppikant

**Dis maar** 'n gesukkel om so na 'n Julie-vakansie weer op dreef te kom en dit wil voorkom of die halfjaaruitslae die grootste enkele faktor is wat bydrae tot die neerslagtigheid wat tans in die geledere heers. Blykbaar sal die komende Intervarsity net die regte inspuiting wees om die akademie weer op dreef te laat kom, want tans is elke sportman besig met voorbereidings en geheime resepte om Kovsieland vanjaar goed te skud.

Dit lyk of die vakansie ook sy tol geëis het, want sommige inwoners keer maar nog drupsgewys terug. Dié wat werk kon kry, soos Spikkels, is blykbaar glad nie lus om dit net so verlore te laat gaan nie, maar ons vertrou die koshuisinwoners sal na die naweek weer voltallig wees en dan kan daar ernstig gekyk word na 'n geskikte geleentheid om weer die interne bande te verstewig. Lou draf deesdae letterlik klas nadat hy tydens die vakansie baie goed daarin geslaag het om sy motor se voorkoms onherkenbaar te vermink. Daar word tans voorbereidings getref vir 'n koperkollekte.

Kort voor die vakansie het dit aan die lig gekom dat 'n hele paar "gematigde rewolusionêres" hulle in Oppikant skuilhou en daar sal heel waarskynlik meer van hulle gehoor word tydens die komende SR-verkiesing.

Welkom terug aan al die inwoners van Oppikant en hou maar die plakkate dop vir belangrike aankondigings. Sukses vir die laaste termyn!



## Caput

**Die nuwe** termyn is hier, maar daarmee saam sommer ongeluk.

Caput se eerstespan verloor teen 'n baie sterk Amavilla met 13-10. Dis jammer, maar tog 'n prestasie as in aanmerking geneem word dat dit 'n baie gedugte span was. Provinsiale spelers wat weer begin speel het, is gebruik. Dit was in elk geval mooi rugby, net jammer dat Caput sleutelspelers verloor het gedurende die wedstryd soos Kassie en "Hamstring" Oosthuizen. Ou Jorrie was maar baie ongelukkig dat hy 'n tree van die doellyn moes uittrap, veral as ons dink dat hy 'n speler soos Ben-John Birch oppad soheentoe geklop het.

Die hokkiespan het ook met Hombré afgereken. Die telling was 2 - 0. Geluk aan die manne. Hulle kla net dat die ondersteuning baie flou was. Dieselfde was by die rugby. Net 'n paar ou staatmakers soos ou Nikkie.

Dit lyk darem gelukkig nie of die eksamen te veel onder die manne gemaai het nie. Die eerstejaars is seker voltallig, of hoe? Wat die seniors se uitslae betref. Ag ons weet darem al hoe om 'n posbus op te pas, en kan darem skokke oorleef, behalwe as die uitslae eers die laaste week opdaag. Dit is beslis minder mooi.

'n Beroep word weer op die manne gedoen om te kom rugby oefen. Daar is baie werk en twee spanne wat uitstekende kanse het om hul onderskeie ligas te wen. Kom help. Al draf jy net saam.

## Makouvlei

**Die lewe** spoed voort - ook in Makouvlei. Na-eksamenwolke wat alle bedrywighede laat stagneer het kon dinge nou weer in volle swang. Die "bachelorsquad" groei aan en 'n heerlike vakansie is agter die rug.

Die rugby wil vanjaar maar net nie op dreef kom nie, na 'n aanvanklike swak begin moes Drakenstein en Hombré dit ontgeld. Na 'n aanvanklike nederlaag teen Overs het die manne alle gebroke eer herstel deur hulle 'n neerlaag van 16 - 0 toe te dien. Mens kan ook nie elke jaar die beker wil vat nie, né!

Geluk aan Japie, met sy Wes-Transvaalse kapteinskap. Geluk ook aan Pete wat die Wes-Transvaalse span gehaal het. Sarel word ook geluk gewens met sy Protea kleure en Westerns met sy Wes-Transvaalse landloopkleure. Dit bly nog steeds vir die manne 'n wonderwerk hoe jy met los maag en al presteer, né Wessie!

'n Hele aantal nuwelinge is in die koshuis opgeneem. Welkom aan o.a. "Heidi", "Spinks" en "Multiplex". Die manne is ook bly dat Steenkool intussen die belhamel opgespoor het wat sy kar na die bosparty gestamp het. Die kafeteria is ook nou weer terug (verkoopsbelasting en al) nadat die deur herstel is.

Na T.B. se aanmaning vertrou die Huiskom dat hy tydens die volgende "surfparty" sy remme sal gebruik, as hy nie kan nie, moet hy óf sy troeteldiere se hulp gebruik of vir Heinz se hulp vra.

Braam word ook gelukgewens dat hy intussen die "pampoenspook" opgespoor het. Die sjordé-manne het intussen ook hulle oefenry in die koshuis laat staan.

Gerugte doen die rondte dat die "beavers" (**Beavers**) weer bymekaar wil kom - dit raak in die laaste tyd al hoe meer ooglopend dat daar vanjaar weer 'n paar wenners sal wees, né "Koekies Mendoza". Die manne is saam met Barnie bly dat hy sy kar weer gevind het. Bester mag nie die volgende koshuisvergadering bywoon nie, simpatie met Koos se stukkende verflenterde gesig.

Manne, geniet die laaste semester - hou lekker intervarsity.



## Kulu

**Die Kuluhiete** is terug van 'n heerlike en welverdiende vakansie om hierdie kwartaal die akademie by die horings te pak en as oorwinnaars uit die stryd te tree.

Die vakansie blyk die tweedejaars goed te gedoen het, aangesien ons sommer vroeg-vroeg met 'n heerlike "middie" verras is. Dankie tweedejaars, julle was absoluut puik en oorspronklik.

Dit wil al voorkom asof die Kuludames eers hierdie jaar besef het watter mooi klippies diamante is. Aan meer as een hand skitter daar deesdae 'n blink klippie en 'n mens kan nie juis onderskei wat die meeste blink nie, die klippie of die oë?

Op sportgebied gaan dit ook nog steeds voor die wind. Die netbal en hokkiedames oefen alweer hard met nuwe moed en ywer. Ons beoog om hoë hoogtes hierdie kwartaal te bereik. So 'n woordjie van waarskuwing aan almal wat ons op die sportveld gaan probeer stuit. Ons laat nie met ons mors nie!

Verskeie aksies word beplan vir hierdie kwartaal. As ons fees hou, hou ons fees en as ons akademies verkeer, doen ons dit met oorgawe.



## Wanda

**Die** ping-pong-balletjie het hierdie week weer baie oefening gekry!

Na 'n lekker lang vakansie het die Wandaliete uitgerus kampus toe teruggekom. Die eerste week is fluks begin deur tafeltenniswedstryde teen Heide dameskoshuis te speel.

Die Wandaliete het onderling eers uitgespeel en die agt bestes gestuur om teen Heide mee te ding. Twee eerstejaartjies, Adré Olivier en Terry van Rensburg het goed gespeel deur Puk se nommer-een tafeltennisspeelster van Heide, te klop.

Adré speel nou ook Puknetbal en Terry het dié vakansie aan landwye pluimbalkompetisies deelgeneem.

Intussen het die akademie ook begin spook en referate en toetse dwing die Wandaliete boeke toe!

Daar word na 'n interessante en opwindende termyn uitgesien!



## Oosterhof

**En die** Filistyne is al weer op ons!

Na 'n baie lekker vakansie (in sommige gevalle is dit ""n te lekker vakansie") sukkel die trae verstande met die referate wat dosente op 'n mens aflaai, omdat hul glo jy is uitgerus. Uitgerus se poot, ek het nou twee weke op 'n hersteloord nodig! Maar, ag nou ja, voor in die wapad brand 'n lig - al is dit ook net die ster op die Krismisboompie!

Oosternooiens, jolyt lê en loer, wees getroos. Daar word 'n skaatsaksie en 'n uitruilaksie beplan en wat dan van Intervarsity?

Baie geluk aan al die Oosternooiens, wie se oë mooier blink as die blink klippies aan die linkerhand. Ons hoop daardie blink sal dwarsdeur jul huwelikslewe in julle oë bly lê.

Origens is dit "hef aan, stryders," en "burgers, hou moed" - die Desembervakansie kom ook, al is hy nog 4 maande ver! (Niemand kan sê dat 'n Oosternooi nie 'n optimis is nie!)



*Mariska Spoormaker*
*Vergeet-my-nietjie '78*



## Vergeet-my-Nie

**As een** van die jongste koshuise op die PUK het Vergeet-My-Nie alreeds groot hoogtes bereik. Met die viering van ons vyfde verjaardag het ons huispa, prof. Potgieter, gesê dat ons nie die dames moet vergeet wat die grondslag vir Vergeet-My-Nie gelê het nie.

Die voorstel van 'n ererol het al die Vergeet-My-Nie dames se goedkeuring weggedra en twee hout panele pryk vandag in ons voorportaal. Op die een verskyn die name van die huidige primaria en ander primariae sedert 1974. Die Vergeet-My-Nietjie van 1978 se naam verskyn op die ander paneel. Die dame wat daarvoor in aanmerking kom, moet die "groot gees" in die koshuis wees. Mariska Spoormaker is onvoorwaardelik gekies.

Die viering van ons verjaardag het om 14h00 begin toe die mans in hulle meisies se kamers tot 16h00 kon koffie drink. Om 17h00, tydens die skemerkelkie en onthulling van die ererolle, kon die dames nader kennis maak met prof. Tjaart.

In die eetsaal het 'n aanskoulike gesig die Vergeet-my-nie dames se verjaardagstemming begroet. Wyn en vars slaai is nou nie 'n item wat elke aand se spyskaart verhelder nie.

Groete en baie dankie aan alle Vergeet-my-nie dames wat bygedra het en nog steeds bydra tot die sukses en gewildheid van Vergeet-my-nie.



## Hombré

**In die** barrakke is daar deesdae 'n oorverdowende stilte soos die akademie op sy plek gesit word.

Op die sportfront lewe dit met die tennisliga wat gewen is en ook 'n rugbywedstryd waar die Koedoetrop as oorwinnaars uit die stryd getree het. Hombré is ook nie min trots op sy twee (uit die drie) tafeltennisspelers wat so goed op die SAU-toernooi in Durban gevaar het nie.

Die Hombré-manne sien ook geweldig uit na die interkoshuissokkertoernooi wat die 12de Augustus gespeel word en rig ook sommer 'n waarskuwing aan die ander koshuise. Hombré is nie van plan om tweede te kom nie.

So ontvang ons ook hierdie week die beste nuus in Hombré se bestaan - nuus wat met stomgeslane kommentaar verwelkom is. Die "pad" voor die koshuis gaan geteer word! Die hele Koedoetrop bulk hul waardering aan die burokrate wat hierdie unieke gebeurtenis moontlik gaan maak.

Koedoegroete tot volgende keer en kom toetsbestuur asseblief ons nuwe teerpad as hy klaar is.

# KONTAKPOLITIEK PRAKTIES UITGELEEF

**'n Groep van ses-en-twintig Pukke het die week van 17 tot 22 Julie saam met 'n paar Raukies en Tukkies 'n toer deur die Noordelike tuislande onderneem.**

Die toer wat deur SABRA (Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede) en die ASB (Afrikaanse Studentebond) aangebied is, het gestrek deur Lebowa, Venda en Gazankulu.

Die toer was 'n gebalanseerde toer van ontspanning en leer. Interessante plekke soos die Zebediela Landgoed, Dzataruïnes en die Fundudzimeer is besoek. Die ontwikkeling van die drie hoofstede van die tuislande is bestudeer.

Verteenwoordigers van die verskillende regerings het die toergroep te woord gestaan. In Lebowa was die toergroep bevoorreg om deur die hoofminister, dr. Pathudi, self toegespreek te word. Toerlede het telkens geleentheid gehad om vrae te vra waar onduidelikhede opgeduik het.

'n Duitser en 'n Nederlander het die toer meegemaak. Die teleurstelling om die tradisionele Domba-dans nie te sien nie was vir die groep nie so erg as vir die twee buitelanders nie.

Almal wat die toer meegemaak het, is dit eens dat die toer baie geslaagd was. 'n Algemene gevoel het ontstaan dat die toere uitgebrei moet word.



*Dr. Ackermann (Ellik de Lange) en oud-regter Wessels (Michiel Meyer) in 'n onderonsie betrokke terwyl Beukes (Gerhard Pieters) heel links en Vanessa Coetzer (Deidre van Rooyen) toekyk.*

# *Fotokompetisie*

**Die Besembos verskyn reeds op 28 September 1978.**

Omdat daar 'n groot behoefte aan goeie aksiefoto's is, beloop die prysgeld van die Besembos- fotokompetisie R100.

Die reëls vir die kompetisie is:

1. Studentelewe en Pukwees moet uitgebeeld word.
2. Verkieslik swart-en-wit foto's. Kleurfoto's en skuifies is ook welkom hoewel dit onderhewig is aan spesiale keuring.
3. Die beste foto's sal in die Besembos geplaas word.
4. Alle inskrywings moet voor of op die laaste 14h00 op 21 Augustus in die Besembosbussie by die SSR-kantoor gepos word.

Daar word slegs 'n beperkte aantal Besembosse gedruk. 'n Bestelvorm sal eersdaags in die Wapad verskyn. Wees verseker dat jy een kry en bestel vroegtydig.

# *"Brei Afrikanervolk uit"*

**Die Afrikanervolk moet uitgebrei word en die studentekoerant moet leiding hierin gee, het mnr. Otto Crause op 'n ASPU-konferensie in Johannesburg gesê.**

Die tegniese standaard van die ASPU-koerante is hoog, maar die intellektuele inhoud is flou, volgens mnr. Crause, redakteur van die Financial Gazette.

Die studentekoerant moet leiding oor die geskille van die dag aan sy studentegemeenskap gee, sodat dié weer die leiers van die volk kan wees.

Volgens mnr. Crause moet alle toekomspolitiek alleen aan die volksbelang getoets word. Dit is voordelig vir die Afrikanervolk om weg te beweeg van diskriminasie en só handelsbetrekkinge met onafhanklike state uit te brei.

Dit sal ook tot die behoud van die Afrikanervolk dien om minderheidsgroepe te absorbeer. Die Engelse is gereed vir Afrikaner-politieke leiding. Die Kleurling is ook deel van die Afrikaner. Die Indieërs sien hulle politieke toekoms in die Afrikaner.

Die Swartes kan egter nie geabsorbeer word nie. Hulle is meer as die Afrikaner en 'n kleiner groep kan nie 'n groter een opneem nie. Hulle moet egter kultureel opgehef word. Dit sal moeilikhede help voorkom omdat dit sal sorg dat hulle genoeg het om van te leef. Die beginsel, "as ons nie eet nie, slaap ons nie", geld hier, aldus mnr. Crause.

Oop universiteite gee nuwe insigte aan andersvolkiges oor die eie volk en is dus in volksbelang.

'n Redakteur moet ten minste vir ses maande aangestel word. Hy moet sy eie redaksie aanstel. Hy moet nie 'n diktator wees nie, maar iemand wat kan saamwerk, sê mnr Crause.

Administratiewe reëlings is ook op die konferensie getref: daar is besin oor ASPU-redaksielede, 'n koerantkompetisie, 'n ASPU-sekretarispos en -poësiekompetisie.

Dit is ook duidelik gestel dat ASPU-koerante verkoop mag word.

Die konferensie is deur GOK aangebied.



*Intense konsentrasie by 'n oefening van die PU-koor.*

# WIE WAT WAAR WANNEER WAAROM

IE
AT
AAR
ANNEER
AAROM

## *ASB toer oorsee*

**Die ASB** bied aan die einde van die jaar 'n toer deur Europa en Israel aan. Dit word in samewerking met Kuoni reisagentskap en die Suid-Afrikaanse Lugdiens aangebied en besoek plekke soos Jerusalem, Athene, Venesië, München en Amsterdam. Hierdie hele toer kos slegs R1 238 vir dertig dae. Die vertrekdatum is die dertigste November. Belangstellendes kan met
Johann van der Spuy
ASB-hoofkantoor
Posbus 8711
Johannesburg
Telefoon: 726-7134 skakel.

## *SR-verkiesing*

**Studente** moet daarop let dat hulle hulle studentekaarte moet toon voordat hulle kan stem.

## *Klaarmakers kamp*

ALLE universiteitsverlaters gaan kamp van 1 tot 4 September. Verdere inligting sal op plakkate verskyn.

## *Klasfoto's*

**Mense** wat klasfoto's wil laat neem:

Maak **nou** 'n afspraak.

Moenie wag tot die laaste dag as die klasse afsluit nie. Dit gee baie probleme by bestellings en aflewering. Groot asseblief van Piet Fotokuns, Tomstraat.

## *Radio PUK*

**Ons** benodig dringend omroepers en omroepsters. Geen vereistes word gestel nie. Plaas u naam en adres in Radio PUK se bussie by die SSR-kantoor. (Bussie no. 131)

## *Suidwesters registreer*

SUIDWESTERS vergader Sondag, 6 Augustus, om 20h15, by Heide oor 'n verkiesingsvereniging. Daar sal ook koffie gedrink word en bekers moet saamgebring word.

## *Binneland moet saamwerk*

DR. DENNIS WORRAL, Nasionale LV en oud-senator, tree op 14 Augustus om 20h30 in die Totiussaal op. Die tema van sy toespraak is "Suid-Afrika: die uitdaging en die noodsaaklikheid van binnelandse samewerking."

# REDAKSIE BEDANK

**Die huidige Wapad-redaksie sal binne die volgende twee weke bedank.**

**Aansoeke word ingewag vir 'n nuwe redaksie. Aansoeke kan gerig word aan die redakteur, bussie 13, SSR-kantoor.**

**Die aansoeke moet die volgende inligting bevat: Volle name en adres, vorige ondervinding en watter pos voor aansoek gedoen word.**

# UP-KOOR BEREIK GROOT HOOGTES


**Die koor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het 'n uiters geslaagde toer gedurende Julie 1978 onderneem. Die koor is oral hartlik ontvang en gehore het die uitvoerings blykbaar baie geneit. Plekke wat besoek is, is Bethlehem, Hartenbos, Mosselbaai, Oudtshoorn, Bredasdorp, Stellenbosch, Bellville, Saldanha, Carnarvon, De Aar en Bloemfontein.**

Konsertgangers was oral beïndruk met die standaard, gehalte en afronding wat Awie van Wyk se koor gehandhaaf en bereik het. Bekende Kaapstadse en Vrystaatse dagblaaie het besonder gunstige resensies oor die koor se optredes gelewer. Hulle noem dat Awie van Wyk nog groot hoogtes met die koor kan bereik en bestempel die uitvoering as 'n "vreugdefees".

Kort voor die toer het die PU-Universiteitskoor die koor van die Universiteit van Stellenbosch op Potchefstroom ontvang. Op hulle beurt kon hulle toe weer as gashere op Stellenbosch optree. Die PU-koor se optrede in die pragtige, nuwe Endlersaal van die konservatorium word beskou as die hoogtepunt van die toer. Goeie en blywende bande is tussen dié twee kore gesmee.

Die koorprogram sluit gewyde werke in soos "Ere en lof aan God" uit die Magnificat van Bach en 'n verwerking van die bekende "Lofsing die Heer". Die program word dan afgewissel met 'n toonsetting deur prof. Pieter de Villiers van ses gedigte van ds. I.L. de Villiers en die bekende Negerliedjie "Deep River". Die ligte deel van die program sluit lewendige kanons in, twee pragtige Bantoeliedere en ses Boerneefliedjies getoonset deur koorleier Awie van Wyk, Hubert du Plessis en Lourens Faul. Awie van Wyk se toonsetting van "Oppie Parara" van Adam Small is gewis 'n treffer en is oral met groot entoesiasme ontvang.

Die koor tree op 1 en 8 Augustus in die konservatoriumsaal in Potchefstroom op; op 5 Augustus in Krugersdorp en op 12 Augustus in Bothaville. Belangstellendes kan plakkate vir verdere besonderhede dophou.



*Die dirigent van die PU-koor, Awie van Wyk, in aksie.*




# POËSIE-KOMPETISIE

**Die *Poësie Kompetisie* het nou ten einde geloop en die uitslae word Woensdagaand 16 Augustus bekend gemaak. Besonderhede sal aan al die deelnemers gegee word. Die wenners sal ook in die volgende *Wapad* bekend gemaak word, asook die wengedigte.**

*GENADESLAAP*

*Slaplappopsmart*
*val plat in die hoek van my hart*

*die fiere bliksoldaat*
*was nie so dapper en flink*
*sy skarniere blyk styfgeroes*
*van al die nagbesoek*

*slaap slaplappopsmart slaap*
*vêr weg*
*kraak kraak die bliksoldaat*
*af in die straat*

*Dirkia*

*Wees soos die establishment*
*vergeet van jou emosies en*
*gevoel*
*wees 'n produk van die geslaagde. . . .?*
*samelewing*
*prim-en-proper-bene-teen-mekaar-en*
*regop-rug op 'n Pikpuk stoel*
*lag vir die grappe van leëkop studente*
*hou op wonder wat die sin van heel die*
*geheel is. . . hou 'n pretence voor*
*maak of jy alles geniet . .*
*sê nee vir akademie*
*ja vir social*
*assosieer jouself met 'n studentegemeenskap*

*eendag gaan ons sien wie wen*

*Renéé Purén*

*UIT: JEREMIA*

*gister nog*
*het kinders*
*in die strate geklip-klip*
*en vrolik tong*
*die liedjies van bloeisels*
*geklink*
*nou is die huise*
*se blinders*
*·af*
*en al die vrugte vrot*
*vol steekvlieë:*
*verdrinkte paddas dryf stywepoot*
*stroom-af*
*tot daar waar die maan kraak*
*met die klank van 'n goue kroon*

*E. Esterhuizen*

# CENCI'S HET GEFAAL

deur Allan Munro

**As mens Artaud se idee dat die bewuste, vormgewende gedeelte van die mens se aspirasies vals is en dat die waarheid van die bewuste en onbewuste skuil; in oënskou neem, staan mens voor die paradoksale uitdrukking van die stuk (wat myns insiens misgekyk is in die produksie van *Die CENCI'S.***

Die paradoks lê in Artaud se poging om sy mistieke idees van die mens se wreedheid in 'n kompakte, geordende, direkte teaterstuk te ontbloot. As verklaring van sy idees faal die stuk, veral wanneer mens probeer om sy doelstellings op 'n konvensionele verhoog met konvensionele effekte en 'n konvensionele benadering tot toneelspel aan te bied.

Sommige elemente in die aanbieding het ooreengestem met die oorspronklike aanbieding wat Arbaud self gelei het, tog moet ingedagte gehou word dat die dramaturg 'n mistikus was en as sulks was sy eie produksies onsuksesvol.

Artaud is bekend vir die skepping van die Teater van die Wreedheid en 'n rewolusionêre benadering tot teateraanbieding. Sy invloed kan gesien word in die werk van Jean Genet, Ionesco, Adamow en Weiss en in die aanbiedings van regisseurs soos Peter Brook en Peter Weiss.

Artaud se basiese beginsels keer terug na die oorsprong van drama, waar die dramatiese gebeure algehele empatie tussen die akteurs en die gehoor geskep het. Die religie van die offer is byvoorbeeld simbolies deur die hoëpriester opgevoer hoewel die toeskouers so meegeleef het dat hulle ekstase oor die gebeure beleef het.

Artaud wil die gehoor eerstens betrek by die spelers deur die fisiese grense te probeer uitwis. Tweedens omhul hy die gehoor in klank, lig en aksie. Verder gebruik hy simbole, oeroue rituele en die idee van inherente menslike wreedheid en die chaos van menslike bestaan om sy teater te onderskei van gewone ligte vermaak.



*'n Toneel uit **Die Cenci's**: Beatrice (Magda Hatting) en haar vader, Cenci (Philip Naude) Foto: C.F. Schoeman*

Die regisseur het dus 'n groot taak aangepak met die opvoering van idees wat moontlik geheel en al ongehoord en skokkend vir 'n Potchefstroomse gehoor is. Dit is egter die plig van die Universiteit om die grense van begrip uit te brei. Die regisseur het te staan gekom voor heelwat struikelblokke, soos fisiese tekortkominge met die (gebrekkige fasiliteite op die verhoog, die akteurs-gehoor probleem, lig- en klankmoontlikhede) die teks van mistikus, en ook die gevaar dat die toeskouers traag sal wees om nuwe konseppe te aanvaar en die stuk dus swak sal bywoon.

Die verhaal van ***Die Cenci's*** is geïnisieer deur Shelley. Dit handel oor 'n vader (Cenci), wat sy vrou geestelik vernietig en sy seuns skynbaar vermoor het. In 'n poging om homself finaal te breek van die bewuste bande wat die beskawing op hom lê, onteer hy uiteindelik sy dogter.

Sy dogter huur 'n moordenaar om hom te vermoor as straf vir sy dierlikheid. Hulle misluk eenmaal voordat hulle tog daarin slaag. Die kardinaal, Camillo, keur die moord af deur grond van die Cenci's vir die kerk te eis. Beatrice (die dogter) word gemartel totdat sy uiteindelik tekens van skulderkenning toon. Sy sterf dan: fisies en geestelik gebreek, hoewel sy verheug is oor haar triomf. Hieruit blyk die chaos wat Artaud nastreef.

Philip Naudé het 'n bevredigende weergawe van die vader gelewer, alhoewel sy rol oorbestudeerdheid en tog nie intense boosheid uitgestraal het nie. As mens ingedagte hou dat die vader die essensie van vryheid simboliseer deur die boosheid van die mens boos voor te stel, besef mens dat hy 'n ware karakter wou uitbeeld in plaas van 'n simbool.

Dieselfde geld vir die dogter, Beatrice (Magda Hatting). Die vreeslikheid van die situasie was dramaties, en te afgryslik om die gehoor te betrek in die chaos van die situasie. Cobus Potgieter, Camillo, die priester van die Rooms-Katolieke kerk, was meer suksesvol alhoewel daar 'n groter behoefte was vir sy alomteenwoordigheid. In sy hoedanigheid lê 'n ander tekortkoming van die aangepaste produksie. In Frankryk is die Rooms-Katolieke Kerk die bastion van reg en geregtigheid, terwyl die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika van heelwat minder belang is.

Die beste toneel was die banket waartydens brassery hoogty gevier het, terwyl die kardinaal passief toegekyk het. Die tegniese aanbieding het beweging kortgekom, moontlik omdat die choreografie nie presisering van rituele en simbolisme toegelaat het nie.

Ten spyte daarvan dat die aanbieding gefaal het, is dit opwindend om te merk dat hierdie soort materiaal aangepak word.

# AANKONDIGING OOR SJÔRDÉ

DIE volgende Sjôrdé-aanbieding is THE PEDAGOGUE van James Saunders. Dié eksperimentele eerstebedryf word in Engels aangebied met Liesbet Schoeman as regisseuse en Henk Wÿbenga as ènigste speler. Dit handel oor 'n onderwyser wat probeer om sy leerlinge vir laas 'n sin vir waardes te gee, terwyl 'n atoombom enige oomblik die aarde kan uitwis. Ironie, erns en luim wissel mekaar in snelle opeenvolging af in hierdie aanbieding wat van 14 tot 18 Augustus in die foyer van die Dramadepartement aangebied word. Toegang slegs op voorbespreking by die departement.



*Prof Tjaart van der Walt sing heerlik saam met die Stellenboschse Universiteitskoor, tydens 'n geselligheid ná die opvoering. Foto: C.F. Schoeman*

# Eerstejaars doen Commedia del'Arte

**Die eerstejaar Toneelkundestudente van die Dramadepartement maak op 4 Augustus hulle debuut voor 'n gehoor met hulle aanbieding van DIE KNEG VAN TWEE MEESTERS.**



*'n Toneel uit **Die Kneg van twee meesters**.*
*Links Jaques van der Merwe en regs Elize Venter. Foto: C.F. Schoeman*

Hierdie snaakse stuk deur Carlo Goldoni in die styl van die Commedia del'Arte is besonder geskik vir 'n aanbieding deur eerstejaars. Die vinnige dialoog en die beweeglikheid wat dit van spelers vereis is 'n baie goeie leerskool. Boonop is dit 'n tipe stuk wat deur spelers sowel as gehoor geniet kan word. Dit behoort besonder byval by die studenteteaterpubliek te vind. Soos in die verlede is die meeste van die debutante dames en dit behoort interessant te wees om te sien hoe regisseuse Elize Scheepers die probleem (is dit?) benader.

Name waarmee die PU in die toekoms dikwels te doen sal kry is onder andere Gerrit Schoonhoven, wat in die KNEG VAN TWEE MEESTERS die rol van die kneg Truffaldino vertolk, Nadina Kleynhans, Adie de Wet, André- Jacques van der Merwe, Jann Celliers, Elize Venter en Sulette Thompson.

***Die Kneg van Twee Meesters*** word van 4 tot 12 Augustus in die PU-Kamertoneel aangebied, Besprekings het reeds by die Departement se gebou in Hoffmanstraat (regoor die Studentesentrum) geopen.

# ALABAMA

ALABAMA '78/79 staan steeds sterk in die blom, met 'n program wat vinnig besig is om vorm aan te neem. Die tema van vanjaar se program word gesentreer om die verskillende bevolkinsgroepe in Suid-Afrika, sowel as die immigrante in die land. Die liedjies en die sketse draai dan om die milieu van die verskillende groepe.

In kort: 'n Toer deur ons land en 'n kykie in die musiek van verskillende bevolkingsgroepe. 'n Toer na Oos-Transvaal met optredes op die volgende plekke word beplan

| | |
|---|---|
| Carletonville | Nelspruit |
| Rustenburg | Lydenburg |
| Pretoria | Tzaneen en |
| Middelburg | Phalaborwa |
| Badplaas | |

Die Pukke sal ons ongelukkig eers weer aanstaande jaar op die kampus te siene kry.

# JONGSPAN GEE HOOP VIR TOEKOMS

**Die Jongspan het met die afgelope SAU o/20 rugby-toernooi bewys dat daar baie diepte in die PU se rugby is.**

Alhoewel die Pukke nie die toernooi gewen het nie, het hulle baie goed gevaar. Daar was nie minder as nege o/19 spelers in die span nie. Dit beteken dat hulle volgende jaar 'n baie gedugte span sal vorm.

Die Jongspan het 3 wedstryde gespeel waarvan hulle een verloor het - die eerste wedstryd teen die Ikeys met 24 - 12. Was dit nie vir 2 opportumistiese drieë aan die kant van die Ikeys nie, kon die uitslag dalk anders gelyk het.

In die ander twee wedstryde het die Pukke teen Natal en Tuks te staan gekom. Puk het Natal met 63 - 3 verpletter. Dit was ook die grootste oorwinning ooit met so 'n toernooi.

Een van die hardste wedstryde van die toernooi was tussen Puk en Tuks. Alhoewel Tukkies as die gunstelinge beskou is, het die ligter Puk-span hulle met 18 - 16 gewen.

Na afloop van die toernooi is 'n SAU o/20 en o/19-span gekies. Vyf Pukke is ingesluit in hierdie twee spanne.

Nic Nortjé en Michael Carlisle het plek gekry in die o/20 - span en Louwtjie van der Walt, Christo Grobler en Quinten Campbell is in die o/19 - span ingesluit.

Behalwe vir die vyf spelers wat in die SAU-spanne ingesluit is, het Kobus van Wyk, Zillen Roos, Japie van Rensburg, Jan Steenkamp en Piet Cauchar uitgeblink gedurende die toernooi.



*H. Aldum en K. Grünschloss - eersgenoemde van Caput en laasgenoemde van Hombré.*

# *Dameshokkie is nou slaggereed*

**Die SAU hokkietoernooi is gedurende die eerste week van die vakansie in Bloemfontein gehou. Weens mevrou Sally Ulliot se besering moes die dames na hulleself omsien. Die uitslag van wedstryde gespeel:**

- Teen Ikeys (wenners van die toernooi) -verloor 0-2
- Teen UPE verloor 0-2
- Teen RAU wen 5-1
- Teen Wits wen 1-0
- Teen Natal wen 2-1

Die presidente van die SAU het gesê dat die PU beslis die bes gemotiveerde span met die kragtigste voorkoms in die toernooi was.

Naomi Davel was een van die uitblinkers. Die doele is aangeteken deur Lizette Uys, Heila van Deventer, Anita de la Porte, Linda Viviers en Alta de Korte. Die finale uitslag was as volg:

1. IKEYS
2. MATIES
3. RHODES
4. TUKS
5. PUK en UPE
6. KOVSIES

Die dames is gemotiveerd en slaggereed vir die intervarsity teen UOVS.

# KORTSPORT

## *UITHOU OP 'N PERD SE RUG*

**'n Eerstejaarstudent van die PU vir CHO, het die afgelope vakansie aan die Vyfde Nasionale Uithou rit vir perde op Fauresmith deelgeneem. Hy het die rit op 'n deelsgeteelde Arabier Buggy, gewen.**

Die rit strek oor 'n afstand van 210km en hy het dit in 'n tyd van 9uur 24min. afgelê. Die laaste 15km het hy teen 'n snelheid van 30k.p.u. gery.

Die tweede en derde plekke is onderskeidelik ingeneem deur mnr. A. de Wet van Linden op Eibna Nasleta, 'n Arabier, met 'n tyd van 9uur 56min, en 'n studenteverpleegster, Sandra Botha, van Bloemfontein met 'n tyd van 10uur 4min.

Slegs veertig perde het die uithourit voltooi.

## *LANDLOOP SUKKEL*

**Gedurende** die Suid-Afrikaanse Universiteite Landloopkampioenskappe, gehou op 1 Julie te Cecil Payne Park, Florida, het die PUK-dames tweede geëindig, terwyl die mans, weens verskeie beserings met 'n vyfde plek tevrede moes wees. Gert Doorewaard was derde en Marietjie Barnard, vierde.

Vier PUKKE het die PROTEA-span gehaal. Hulle is: G. Doorewaardt, N. Meintjies, M. Barnard en A. Claassen.

## *MANSHOKKIE*

**Aan die** einde van die eerste rondte van die manshokkie koshuisliga, wat hierdie jaar vir die eerste keer plaasvind, kan ons meld dat daar wye belangstelling heers en nuwe talent het na vore gekom. Die wedstryde is op goeie voet beslis en die stand van die spanne is soos volg:

Dorp : 5 punte
Caput : 5 punte
Hombré : 2 punte
Over-de-Voor : geen punte

# JUNIOR SPRINGBOKKLEURE AAN DIE PUKKE

**Die Puk se judokas het die afgelope vakansie puik presteer.**

**Gedurende die SAU Judotoernooi op RAU het die Pukke tweede geëindig. Tukkies het gewen en RAU was derde.**

Die individuele uitslae was soos volg:
o/60 kg Hugo Pienaar - goud
o/71 kg Johan Boshoff - silwer
o/95 kg Pieter Coetzee - silwer
o/78 kg Charl Botes - silwer

Hugo Pienaar, Charl Botes en Pieter Coetzee het Proteakleure verwerf.

Die SA Judokampioenskappe is ook gedurende die vakansie gehou. Charl Botes, Hugo Pienaar en Johan Boshoff het die puik prestasie behaal deurdat hulle Junior Springbokkleure verwerf het.

Tukkies was baie gelukkig om met die louere weg te stap aangesien die Tukkie Judoka nie tydens sy geveg teen 'n Puk gewaarsku is nadat hy al van die mat beweeg het nie. Die geveg kan die finale uitslag in die guns van die Pukke gedraai het. Die Universiteit van Pretoria het met 4 gevegte teen 3 gewen.

Die toekoms lyk baie rooskleurig aangesien slegs Pieter Coetzee van die Pukspan aanstaande jaar nie die span sal verteenwoordig nie. Origens bly die span onveranderd. Dit kan beteken dat die Pukke binne drie jaar die SAU kan wen aangesien hulle voor verlede jaar glad nie in die prentjie was nie.

Hugo Pienaar, die afrigter van die span, het self twee goue medaljes gewen.

Die Kovsies kan hulle dus maar gereed maak om baie hard met moeder aarde kennis te maak.

Daar word gesoek na 'n persoon wat in die onder 65 kg afdeling kan meeding. As die leemte gevul kan word, sal die span op volle sterkte kan meeding.

# SAU GIMNASTIEK

**Gedurende die vakansie is die SAU gimnastiektoernooi gehou. 35 Gimnaste van die PU het daaraan deelgeneem.**

Die toernooi wat deur Ikeys aangebied is, is deur Tukkies gewen. Puk het derde geëindig.

Daar was deurgaans 'n goeie gees onder die spanlede en onder leiding van die afrigter, Kobus van der Walt, het hulle hard geoefen.

Johan Puyper, Billie du Toit, Louis Gerber en Hanlie Zaaymann het uitgeblink. Anita Bremis het die kompetisie vir dames in die eerste graad gewen.

Die span het in die Kaap die wynkelders besoek.

Die span sien uit na die volgende toernooi omdat die grootste deel van die span behoue bly.

UITSLAE:

1. Anita Brewis -
Totaal: eerste plek, eerste graad
2. Annelize Geyser -
vierde plek, tweede graad, eerste in steunspronge
3. Nanda Barnard -
derde in steunspronge, tweede graad
4. Louisa Jonker -
Totaal: tweede plek, derde graad, eerste in die trapbrug
5. Lenie van Tonder -
Tweede in die vloeroefeninge, vierde graad
6. Talitha Aucamp -
Derde in die balk, vierde graad
7. Louis Gerger -
Totaal: derde, tweede graad, eerste in vloeroefening, spronge, ringe en brug
8. B. Taute -
Derde in brug, derde graad
9. C* Harding -
Derde in spronge, derde graad
10. P. Louw -
Tweede in spronge, derde graad
11. W. du Toit -
Totaal: tweede, vierde graad, eerste in die vloeroefeninge, tweede in rekstok
12. J. van Wyk -
Derde in spronge en brug, vierde graad
13. P. Venter -
Totaal: derde, vierde graad, eerste in ringe, beulperd, rekstok
14. B. Ras -
Totaal: vyfde, vierde graad, tweede in ringe
15. Hanlie Zaayman -
Totaal: eerste, tweede graad, eerste in brug, tweede in vloeroefeninge, tweede in spronge, tweede in balk.

# Sportpersoonlikheid - Sharlene Geyser

**Sharlene Geyser is 'n eerstejaar B.Juris student. Sy het dié week teruggekeer na 'n maandlange toer deur die VSA. Sharlene het as Junior-Springbok aan die Wêreldkampioenskappe in trampolien en dubbel-mini trampolien deelgeneem. Sy het sewende geëindig in die dubbel-mini.**

Op laerskool het Sharlene al in gimnastiek uitgeblink. Sedert haar gimnastiek loopbaan begin het, is sy feitlik elke jaar as Wes-Transvaalse kampioen gekroon. Op nasionale vlak het sy ook goed presteer en is in 1975 as S.A. se intermediêre kampioen aangewys. In 1974 was sy lid van die S.A. gimnastradespan wat na Berlyn gegaan het. In 1976 het Sharlene Wes-Transvaalse erekleure in gimnastiek verwerf.



Sharlene het twee jaar gelede met trampolien begin. As gevolg van haar gimnastiek agtergrond en onder leiding van haar bekwame afrigter - mnr. Kobus van der Walt (lektor in liggaamlike opvoeding) - het sy reeds vanuit die staanspoor begin uitblink.

Sharlene het veral in dubbel-mini trampolien begin presteer; in 1977 is sy as S.A. kampioen in die ouderdomsgroep 15 - 18 jaar uitgewys. Ook het die eer haar te beurt geval om die eerste S.A. dames-opekampioen in dubbel-mini te word.

In 1977 word Sharlene as Junior Springbok aangewys om S.A. in Spanje te gaan verteenwoordig, maar vanweë ongunstige politieke omstandighede moes die kampioenskappe gekanselleer word.

Sharlene het baie potensiaal, en ons hoop dat sy die Puk se naam nog lank en ver kan uitdra deur haar prestasies.

WAPAD WORD gedruk deur
Promedia
Tel. 832301/2/3
Pretoria
Posbus 255
Silverton

# Pukke herwin ou vorm

**Die blits rugby-toer deur die Boland en die Westelike Provinsie het getoon dat Kovsies hulle vir 'n Intervarsity duisend gereed kan maak skryf, Nico van der Westhuizen.**

Tydens die agt dae het die Pukke teen Malmesbury, Bellville, Morreesburg en Worcester gespeel.

Die wedstryd teen Bellville was ongetwyfeld die hardste en beste wedstryd van die toer, waartydens André Rossouw, een van verlede jaar se helde tydens die wedstryd teen die Kovsies, met sy skitterspel gesorg het dat die Pukke met 34–20 verloor het.

André Markgraaf, Jannie Tiedt en Ben de Klerk het met 'n drie elk, agter die doellyn gaan kuier.

Teen Malmesbury het hulle met 24-15 gewen, teen Moorreesburg met 16-6 en teen Worcester met 13-3.

Dit is veral verblydend om te sien dat die spelers nou met baie meer selfvertroue speel.

Jannie Tiedt, kaptein James Stoffberg en André Markgraaf het in die wedstryd Wes-Transvaal teen Oostelike Provinsie uitgeblink. Dit was veral die lynstaanspel van Markgraaf en die goeie heelagterspel van Tiedt wat bewondering afgedwing het. Die twee is genooi na die Gasel-proewe. Die span wat gekies word sal later vanjaar teen 'n Amerikaanse toerspan kragte meet.

Daantjie Weitz het teen die Oostelike Provinsie getoon dat hy heeltemal van sy besering herstel het wat hy tydens die toer opgedoen het.

Die spelers is fiks en werk baie hard om slaggereed te wees teen UOVS. In Kovsieland loop die manne oor van selfvertroue.

# GERT DRAF VOOR

**Gert Doorewaard, die bekende langafstandatleet van die Puk wat tans besig is met sy weermag-opleiding het die weermag-minimarathon maklik gewen met 'n tyd van 1:09:07.**

Die bekende Boebie Pienaar was derde.

Tydens die Wes-Transvaalse veld-landloopkompetisie kon Gert slegs 'n vyfde plek behaal. Die bekende Mathews Batswadi, ook van Wes-Transvaal, het die 12 km met 'n tyd van 37 min 49 sek. gewen.

Nollie Meintjies het derde in die mans onder 21 – 10 km afdeling geëindig. Johan Fourie van Tukkies het redelik maklik gewen.

Die dames van die Puk het effe beter gevaar. Marietjie Barnard het tweede in die vroue afdeling geëindig.

A. Claassen het die 4km vir vroue onder 20 gewen en Lynette Tait was tweede.

# *Koos Henning oorheers SAU*

**Koos Henning is tydens die onlangse SAU gewigoptel-toernooi as die beste deelnemer van die toernooi aangewys.**

Koos het die liggewig-afdeling 60-67 kg gewen.

Met hierdie prestasie het hy gehelp dat die PU ander spanne soos RAU, UOVS en Tukkies maklik gewen het en naelskraap teen Wits verloor het.

Koos Henning was die enigste Puk deelnemer wat Protea-kleure verwerf het.

**Individuele uitslae**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Liggewig** | 60-67 kg | Koos Henning | eerste |
| **Middelgewig** | 67-75 kg | Eugene du Plessis | eerste |
| **Veergewig** | onder 60 kg | Renier van Rensburg | tweede |
| **Lig/Swaar** | 75-82 kg | Leon Labuschagne | tweede |

Die prestasie van die gewigoptelklub is uitstekend as dit in die lig gesien word dat dit een van die jongste sportklubs op die PU is.

## *Sportkorrels*

## SPORTREDAKTRISE

**Nou ja, dit is agter die rug – 'n vakansie gevul met S.A.U.-toernooie. Soms was dit verrassend en soms, soos altyd maar, teleurstellend ook. Volgende op die spyskaart is die Kovsie-intervarsity en daarop volg ou Akademie.**

Hoop julle gee nie om vir 'n paar klaagliedere nie, maar daar is so 'n bietjie sand in die skoen. Soos almal weet deel die PU elke jaar 'n hele paar sportbeurse uit. Maar, soos almal dalk nie weet nie het dit in die verlede al gebeur dat 'n span nie aan 'n sekere kompetisie kan gaan deelneem nie – weens finansiële probleme.

Daar is gevalle van persone wat sportbeurse ontvang en later die PU om verskeie redes, in die steek laat. Juis hieroor bestaan daar nou ontevredenheid.

Kan die sportbeurse nie bietjie meer kieskeurig deur die owerhede uitgedeel word nie? Sodoende kan dié sportlui wat gewillig is om die PU se naam uit te dra mos daarin gesteun word, wat niks minder as reg is nie. Dit sal tog 'n veel beter aanwending van dieselfde hoeveelheid geld wees.

# *Ertjies wen Sigma*

**Ertjies Bezuidenhout berei hom deeglik voor vir die komende Rapport-toer. Alhoewel Ertjies lank reeds sy stem dik gemaak het, kon hy nooit voorheen teen manne met internasionale ervaring wen nie. Hierdie sielkundige agterstand het hy vir altyd uit die weg geruim deur verlede maand die Sigma-Panorama fietstoer deur die skilderagtige omgewing van Oos-Transvaal tussen die voorste Suid-Afrikaanse fietsryers te wen.**

Ertjies spog met dié onderskeiding dat hy verlede jaar die Vaaldriehoek se koerant as Vaalweekblad se sportster van die jaar aangewys is. Dié jaar is hy ook as hul sportster van die maand aangewys.

Vir die komende Rapport-toer is hy baie vasberade en word hy ook as een van die gunstelinge beskou om die belangrikste fietsbyeenkoms van Suid-Afrika te wen, veral nadat hy drie weke na die Sigma-Panorama, in die Mainstay Kaapse Toer derde geëindig het met slegs 40 sekondes agter Robbie Mc Intosh van Natal wat gewen het met 'n tyd van 9 uur 42 min 37 sekondes.



*Quentin Irwin (regs) en Henning van Aswegen val aan teen WITS op die SAU-toernooi in Durban.*

# *Pukke vaar goed in Durban*

**Die PU se sokkerspan het die afgelope Julie-vakansie vir die eerste maal in sewe jaar aan die SAU-toernooi deelgeneem.**

Die toernooi, waaraan al die blanke universiteite deelgeneem het, is van 1-7 Julie op die kampus van die Natalse universiteit aangebied. Van die tien universiteite het die Maties en Natal die beste gevaar. Maties het uiteindelik die toernooi met die beste doelgemiddelde vol-tooi.

Die PUKKE kon wel geen van hulle wedstryde wen nie, maar is in drie wedstryde met net een doel geklop en het die wedstryd teen RAU gelykop gespeel. James Moodie en Henning van Aswegen het vir die PUKKE doele behaal terwyl Joachem van Oordt, Quentin Irwin, Mike de Swart en Roelf Pretorius met hulle spel beïndruk het.

Mnr. Egon Schultze, afrigter van die span, sê die toernooi was waardevolle ondervinding vir die spelers en het 'n goeie idee gebied van die standaard sokker wat by die ander universiteite gespeel word.

Mnr Schultze sê die span wat tans voorloop in die Wes-Transvaalse liga, sien uit na volgende jaar se toernooi wat deur die Maties op Stellenbosch aangebied word.

## SPORTPERSOONLIKHEID VAN DIE WEEK

# *Quentin Campbell*

**Quentin Campbell het die afgelope vakansie vir homself naam gemaak, deurdat hy as vaskopstut vir die Suid-Afrikaanse Universiteite-span gekies is.**


Dit is egter nie vir Quentin vreemd om die pap dik aan te maak nie, aangesien hy reeds as leerling van Grey Kollege in Bloemfontein die Vrystaatse skole-span in die Cravenweek verteenwoordig het.

Voordat hy as stut gevestig geraak het, het hy eers senter en later agsteman gespeel. Sy beweeglikheid en krag wat agter die 90 kg skuil het van hom 'n sekere keuse gemaak toe daar vroeër vanjaar deur mnr. Piet Brandt na 'n vaskopstut vir die Jongspan gesoek is.

Net soos mnr Brand was die Wes-Transvaalse en ook die SAU-keurders baie beïndruk met die jong Puk speler.

Die eerstejaar apteker-student speel Saterdag, 5 Augustus op Ellispark teen die S.A. skole-span tydens 'n voorwedstryd vir die wedstryd Transvaal teen Rhodesië.

Mag hy en die ander Pukspelers help om verlede jaar se nederlaag van 33-16 teen die S.A. skole te wreek.



*Quentin Campbell, kragman van die Suid-Afrikaanse Universiteite-span – Foto: Frik Schoeman.*